# ETIEK

Prof. P.W. Buys

TB
171.1
BUY

R1,00

Potchefstroomse ... vir CHO

4/75

**ETIEK**

**Prof. P.W. Buys**

**Potchefstroomse Universiteit vir CHO**

**4/75**

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
UNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

*Copyright © 2020 North-West University All rights reserved*

**COPYRIGHT CLEARANCE COVER PAGE FOR COPIES MADE BY**

**THE NORTH-WEST UNIVERSITY (NWU)**

This material has been copied for educational use. It is not for resale and must not be redistributed.

---

**KOPIEREGKLARING-DEKBLAD VIR KOPIEË GEMAAK DEUR**

**DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT (NWU)**

Hierdie materiaal is vir opvoedkundige gebruik gereproduseer. Dit mag nie herverkoop of verder versprei word nie.

File Reference: 2.4.3.1

# INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | Inleiding. | 1 |
| 2 | Geskiedenis van die Teologiese Etiek | 4 |
| 3 | Die Dekaloog | 7 |
| 4 | Die eerste gebod | 9 |
| 5 | Die tweede gebod | 13 |
| 6 | Die derde gebod | 16 |
| 7 | Die vierde gebod | 20 |
| 8 | Die vyfde gebod | 25 |
| 9 | Die sesde gebod | 29 |
| 10 | Die sewende gebod | 35 |
| 11 | Die agtste gebod | 39 |
| 12 | Die negende gebod | 43 |
| 13 | Die tiende gebod | 48 |

# E T I E K

## I. INLEIDING

### 1.1 NAAM

#### 1.1.1 Grieke

Naam Etiek afgelei van Grieks êthos = sede. (Oorspr. woonplek). (*Xenokrates*) deel wysbegeerte in: to physikon, to ethikon, to logikon – nadenke oor menslike handel en wandel in onderskeiding van nadenke oor natuur. (*Aristoteles*) noem werk wat hy vir sy seun *Nikomachus* skrywe oor menslike handel en wandel, *Ethika Nikomacheia*. Sedertdien kry philosophia practica naam: Ethica.

#### 1.1.2 Romeine

*Cicero* besin oor tegniese terme vir filosofie en spreek van ***disciplina moralis*** (vgl. Afrik. moraal). Moralis moet volgens Cicero vertaling wees van éthiké.

#### 1.1.3 Later Europese volke

(*Duitsers*) in navolging van *Mosheim* – Sittenlehre.
*Nederlanders*) in navolging van Coornhert– Zedekunde of Wellevensconste.

#### 1.1.4 Konklusie

Uit bostaande name blyk dat hierdie vak betrekking het op die menslike sedes. Maar dan, Etiek het betrekking nie net op sedes soos hul bestaan nie, maar ook soos hul behoort te wees.

Van al die verskillende name verdien die naam Etiek voorkeur.

### 1.2 DIE BEGRIP ETIEK

Etiek is die wetenskap van die sedelike. (Die term „sedelike" word in punt 1.4 nader behandel.) Etiek is die wetenskap wat hom besig hou met die beginsels en norme wat vir die mens se handel en wandel geld.

(*Beginsels*) is ewig-onveranderlike reëls, byvoorbeeld Tien Gebooie.
*Norme*) is veranderlike reëls wat met die oog op die eise van 'n konkrete situasie uit die onveranderlike beginsels afgelei word.

*Voorbeeld:* Dis 'n beginsel dat 'n mens geklee moet wees. Die Bybel sê: welvoeglik geklee, maar skryf nie die patroon voor nie. Uit hierdie beginsel lei ons die norme vir verskillende geleenthede af. Vgl. Kerkklere, werkklere,

sportklere, swemklere, slaapklere.

By die bepaling van beginsels moet onderskei word tussen:
*Outonome moraal*: sedelike subjek bepaal self wat die beginsel is.
*Heteronome moraal*: daar is 'n faktor buite die subjek wat bepaal wat beginsel is, byvoorbeeld die staat, die kerk.
*Teonome moraal*: God bepaal die beginsels in sy sedewet.

## 1.3 FILOSOFIESE EN TEOLOGIESE ETIEK

### 1.3.1 Filosofiese Etiek

#### 1.3.1.1 *Heidens-filosofiese Etiek*

Filosofiese is ouer as Teologiese Etiek. Sedelikheid (net soos religie) is nie 'n spesifiek Christelike maar 'n algemeen-menslike verskynsel.

Filosofie is soeke van menslike rede na 'n bevredigende lewens- en wêreldbeskouing. Spoedig na ontstaan van Filosofie by Grieke is feit van sedelikheid binne gesigsveld van Filosofie getrek. Altyd en oral vel mens 'n sedelike oordeel oor goed en sleg. So het lank voor Christendom reeds 'n *heidens-filosofiese Etiek* ontstaan.

#### 1.3.1.2 *Christelik-filosofiese Etiek*

Eweseer as algemeen-sedelike 'n feit is, is Christelik-sedelike 'n feit. Vandaar innerlike noodsaaklikheid dat na opkoms van Christelike Filosofie (Origenes, Augustinus) ook 'n Christelik-filosofiese Etiek sou opkom wat die spesifiek Christelik-sedelike sou ondersoek. Dus is daar tweërlei Filosofiese Etiek:

'n Heidens-filosofiese en 'n Christelik-filosofiese.

### 1.3.2 Teologiese Etiek

In stryd teen kettery ontwikkel kerk heel gou teologiese wetenskap. In Teologie ontstaan ook 'n Etiek of wetenskap van Christelike sedelike lewe.

Alle teologie dra karakter van geopenbaarde kennis van God – dus sal ook Teologiese Etiek "de wetenschap van de ons geopenbaarde kennis Gods in betrekking tot het wilsleven van den naar Zijn beeld geschapen mensch zijn en wel hoe het *behoort* te zijn en ook hoe het als een Christelijk zedelijk leven bij den zondigen mensch door het geloof in Christus *kan worden,* wat het behoort te zijn" (Geesink, Gereformeerde Ethiek, I, p. 157).

### 1.3.3 Verband tussen Filosofiese en Teologiese Etiek

Daar is verband tussen algemeen-sedelike en Christelik-sedelike. Hierdie

verband beheers verhouding tussen Filosofiese en Teologiese Etiek.

Hierdie tweërlei Etiek neem leenstellinge van mekaar oor en maak wedersyds gebruik van resultate van ondersoek. Die een mag nooit die ander sy bestaansreg ontsê nie. Die een mag nooit in die ander opgaan nie.

## 1.4 OBJEK VAN DIE TEOLOGIESE ETIEK

Objek van Teologiese Etiek, net soos van alle Etiek, is die sedelike. Woord "sedelike" moet bepaal word.

*Betekenisse van sedelik*

Eerstens newestelling met *natuurlik.* Natuurlike is noodwendige, dit wat iets is kragtens sy eie-aard, kragtens geboorte. (Natuur afgelei van Latyn nasci – gebore). Natuurlike word bepaal deur natuurwet (vgl. eendjies wat dadelik kan swen ens.). Daarteenoor is sedelike alles wat ook anders kan as wat dit kragtens eie-aard is. Menslike selfbepaling is hier deurslaggewende faktor. So staan sedelike veral teenoor instinktiewe, drifmatige.

Tweedens, teenoorgestelde van *onsedelik.* Lg. term word gewoonlik van dit wat op seksuele gebied strydig is met wil van God, gebruik. Dis 'n foutiewe beperking. Alle handelinge van die mens kan getoets word aan die sedelikheids-eis. Die beperking wat Geesink gemaak het, nl. dat sedelike net betrekking het op verhouding tussen mens en mens, is te eng – dan sou alleen die tweede tafel van Dekaloog in Etiek behandel kon word. Geesink self behandel, ondanks sy beperking, hele Dekaloog.

***Die sedelike is dus gesindheid en/of handeling van mens wat ooreenstem met geopenbaarde wil van God.***

Objek van Teologiese Etiek word verder bepaal deur begrip teologie. Teologie is wetenskap van geopenbaarde kennis van God. ***Die kennis van God se wil met betrekking tot ons handel en wandel is die objek van Teologiese Etiek.***

## 1.5 DEFINISIE VAN TEOLOGIESE ETIEK

Teologiese Etiek is dié deel van die Teologiese wetenskap wat die geopenbaarde wil van God met betrekking tot die mens se handel en wandel bestudeer en die mens se handel en wandel by die lig daarvan beoordeel.

## 1.6 KONFESSIONELE KARAKTER VAN TEOLOGIESE ETIEK

Geesink verkies om van *kerklike* karakter van Etiek te spreek. Dit is minder juis – ewemin as wat daar van 'n kerklike Dogmatiek gespreek kan word. Dit is nie die taak van die kerk om Dogmatieke en Etieke te skrywe nie. Soms word ook van *Christelike Etiek* gespreek. Dit kan goedskiks by Filoso-

fiese Etiek, in teëstelling met heidense Filosofiese Etiek. Wanneer dit kom by Teologiese Etiek, is kwalifisering Christelik te ruim. Calvinisties, Luthers, Rooms, Anabaptisties kwalifiseer almal as Christelik. Daarom nadere bepaling nodig by Teologiese Etiek – volgens konfessionele binding. So: Gereformeerde (of Calvinistiese), Roomse, Lutherse ens. Etiek. Dit korreleer met feit dat daar nie gespreek word van Christelike Dogmatiek nie maar van Gereformeerde, Lutherse, Roomse ens. Dogmatiek.

## 2. GESKIEDENIS VAN TEOLOGIESE ETIEK

### 2.1 VOOR REFORMASIE

Van Etiek in sin van wetenskaplike sisteem kan daar vir eerste keer in Middeleeue sprake wees, nl. by *Thomas van Aquino* in sy *Summa Theologiae.* Voor die tyd is daar geen sistematiese Etiek nie maar alleen lukraak behandeling van etiese stof bestaande uit komplikasies van bepalings van sinodes, boete-kanones van biskoppe en pouse en kerklike tradisie.

*Thomas* gee eerste volledige Etiek in driedelige hoofwerk *Summa Theologiae.*

Voor-Reformatoriese ethici na Thomas: *Duns Scotus* wat teëstander van Thomisme is. Stel teenoor Thomas se primaat van *intellek* primaat van *wil.*

***Bonaventura; Meester Eckhardt; Ruysbroeck; Suso; Hugo van St. Victor; Thomas à Kempis.***

### 2.2 REFORMATORIESE ETIEK

By Reformasie is langs hele linie van wetenskap weggebreek van Rooms-Katolisisme. Tog is nie dadelik oorgegaan tot skryf van Gereformeerde Etiek nie. Luther, Calvyn en Zwingli het geen eie Etiek nie. Luther, Calvyn en Zwingli het geen eie Etiek gegee nie. Wel het hul met etiese vraagstukke te kampe gekry en uitsprake daaroor gedoen.

In hierdie uitsprake lê wortels van Gereformeerde Etiek.

#### 2.2.1 Calvyn

Veral *Calvyn* se *Institusie* hier belangrik. Begrip "vita christiana" keer telkens terug. (Vgl. *Institusie,* III c 6-10). Schweitzer noem dié merkwaardige stuk van Calvyn die "erste Entwurf einer christlichen Ethik".

Bestaan uit twee dele. Eerste gee uiteensetting van hoe liefde tot geregtigheid in ons gewek word – Schweitzer noem dit "eine etische Paedagogik". Tweede handel oor reël wat ons by strewe na geregtigheid moet volg, m.a.w.

'n "pligteleer". Uit oogpunt van "selfverloëning" voor God word hier (volg. Tit. 2:11-13) goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede en daarna matigheid, regverdigheid en godsaligheid as pligte jeens onsself, die naaste en God met die positiewe sy van die Tien Gebooie in verband gebring.

Behalwe in genoemde stuk het *Calvyn* vir die Etiek belangrike boustowwe gegee in wat die *Institusie* verder bevat oor uitlegging van die sedewet, boete, gebed, predestinasie.

2.2.2 Ander Reformatore

Naas geskrifte van Calvyn en ander reformatore (bv. *Musculus, Martyr, Hyperius, Maccovius, Chamier)* kom daar ook etiese voorskrifte voor in talle Kategismusse (bv. *Leo Judae, á Lasco, Ursinus en Olevianus)*. Veral die plasing van die dekaloog na die geloofsbelydenis in *Heidelbergse Kategismus* (en sommige ander) laat wet as norm van nuwe lewe duidelik na vore tree.

**2.2.3 Mosheim**

Na verval van Geref. Teol. in 18e eeu verskyn daar uitvoerige (ook in Nedl. vertaal) werk van Lutherse teoloog *Mosheim* "Sittenlehre der heilige Schrift". Bestaan uit nege dele (1735-1753). Mosheim verdeel sy "Sittenlehre" in twee dele: "Innerliche Heiligkeit der Seelen" en "aüszerliche Geregtigkeit und Unschuld des Wandels".

**2.2.4 Reinhard**

Na *Mosheim* verskyn "System der Christeliche Moral" (1788 en volgende jare) in 5 bande van Lutherse supranaturalistiese teoloog *Reinhard* (hy was 'n skerp bestryder van Kant). Verdeel Etiek in vier dele: wat die mens is, wat hy moet word, waardeur hy dit moet word, op welke wyse hy dit moet word.

**2.2.5 Schleiermacher**

Gee sowel Filosofiese as Teologiese Etiek. In *Fil. Etiek* gee hy sisteem met drie dele: Güter-, Tugend- en Pflichtenlehre. Hoogste goed is die deur die menslike handeling te produsere "Einigung" van " Vernunft" en "Natur" en staan gelyk aan mens se kultuurtaak.
"Güterlehre" is hier hoofsaak.
Teol. Etiek verskyn na sy dood in "Christliche Sitte". Na Inleiding volg "das wirksame Handeln" en "das darstellende Handeln".

*Eerstens die "wirksame Handeln"*

Uitgangspunt is hier (net soos in sy hele teologiese denke) die kerk as plek van gemeenskap met God deur verlossing in Christus. Sedeleer – uiteensetting van Christelike selfbewussyn vir sover dit in dade oorgaan. Sedelike

subjek is lid van kerk en gedra deur H. Gees. As sodanig is sy toestand saligheid. Maar saligheid is wordend aangesien dit nog altyd "Erlösungsbedürftig" is – 'n toestand van lus en onlus waarin impuls lê tot werksaamheid om volle saligheid te bereik. In onlus lê impuls tot herstellende, reinigende handeling, aldus 'n handeling waardeur die gesteurde, normale toestand herstelword. In lus lê impuls tot handeling waarby vlees sig gewillig onderwerp aan gees en hierdie eenheid al inniger en uitgebreider wil maak. Beide handelswyses bedoel om 'n toestand te bewerk van volkome saligheid.

*Tweedens die "darstellende Handeln".*

Tussen momente van lus en onlus tree momente van bevrediging in, die relatiewe saligheid, die eintlike grondgevoel van Christen, wat ook weer impuls tot handeling word. Hierdie handeling wil geen verandering bewerk nie maar hom slegs na buite openbaar: die eintlike saligheidstoestand vir andere laat blyk, en is daarom nie werksame maar openbarende handeling.

### 2.2.6 Rothe

Sterk onder invloed van Schleiermacher. Diep religieuse natuur. Al die strominge van moderne tyd in hom verenig. Verset hom teen alle tradisionele bande insake religie. Dogmatiek hoort tot historiese, Etiek tot spekulatiewe teologie. Onderskei filosofiese en teologiese spekulasie. Eg. gaan uit van suiwer selfbewussyn, lg. van religieus bepaalde, d.i. Godsbewussyn. Uit Godsbewussyn word alles met logiese noodwendigheid gededuseer. Vat etiese taak net soos Schleiermacher op – spreek egter nie van "Vernuft" en "Natur" nie maar van "Person" en "Natur". Sedelike taak van mens is: "die materielle Naturkraft seiner freien Selbstbestimmung seiner Persönlichkeit zu zu eignen".
Hierdie vergeesteliking is 'n proses wat hom in die historie verwesenlik.

### 2.2.7 Na Rothe

Na Rothe het 'n reeks kleinere teoloë etiese werke gepubliseer o.a. Dorner en die sg. Biblisistiese skool bestaande uit Beck, Schmid en Palmer. Na die Biblisiste volg in die Lutherse Etiek: Sartorius, Harlesz, Von Oettingen, Von Hofmanns, Frank, Ritschl, Köstlin.
Deense etici in die negentiende eeu van belang is Martensen en Scharling.

### 2.2.8 Nederlandse Ethici

In Nederland het sedert 18e eeu geen noemenswaardige Gereformeerde Teologiese Etiek verskyn nie. In die negentiende eeu het etiese studies verskyn van Beets en Chantepie de la Saussaye, Domela Nieuwenhuis. In die twintigste eeu verskyn werke van Straatsma, Van Melle, Visscher,

Geesink.
Geesink is belangrik.

### 2.2.9 Geesink (1854 – 1929)

Van besondere betekenis vir die Gereformeerde Teologiese Etiek. Was hoogleraar aan V.U. Amsterdam. Skrywer van *Gereformeerde Etiek I en II* en *Van's Heeren Ordinantiën.* In e.g. behandel hy die volgende:

Inleiding in die Etiek.

*Eerste deel:*

Die Christelik-sedelike norm: kenbaar eerstens uit die algemeen-menslike selfbewussyn, tweedens uit die O.T. Wet van God, derdens uit die Geopenbaarde wil van God in die N.T.

*Tweede deel:*

Die Christelik-sedelike subjek.

*Derde deel:*

Die Christelik-sedelike handele.

*Appendix:*

Geskiedenis van die Gereformeerde Etiek.

# 3. DIE DEKALOOG

## 3.1 ONTSTAAN VAN DEKALOOG

In Ex. 34:28 en Deut. 4:13 en 10:4 word wet genoem "Tien woorde" – vandaar naam Dekaloog. Verhaal van wetgewing op Sinai is beskrywe in Ex. 20. In Ex. 24 klim Moses op Sinai om wet beskrewe op kliptafels in ontvangs te neem. (By volke van oudheid was dit gebruiklik om wet op klip–, hout of metaaltafels te skrywe). In Ex. 31 word meegedeel dat wet deur vinger van God geskrywe is. N.a.v. kalwerdiens gooi Moses tafels stukkend (Ex. 33:19). Dan moet hyself twee tafels uitkap (Ex. 34). Ook hierdie tafels deur God self geskrywe.
Behalwe in Ex. 20 word Dekaloog ook met geringe wysigings in Deut. 5 aangehaal. In lg. herinner Moses Israel voor die intog aan die Wetgewing by Sinai.

## 3.2 INDELING VAN DEKALOOG

In *twee tafels.* Geen absolute sekerheid oor watter gebooie op elk van tafels

gestaan het.

Sommige verdeel: 5 en 5; ander: 4 en 6; ander 3 en 7. Jesus vat Tien Gebooie in twee saam: Liefde tot God, liefde tot naaste (Matth. 22:37-40). Hierdie twee gebooie is egter nie spesifiek N.T. nie want liefde tot God word reeds gebied in Deut. 6:5 en liefde tot naaste in Lev. 19:18.

In *tien gebooie.* Vraag is: waar begin en waar eindig elke gebod? Oudste opvatting: *Jode* en *Gereformeerdes* verbind Ex. 20:2 en 3 tot eerste van tien woorde. Dan word vs. 4,5 en 6 tweede gebod. So word bedreiging en belofte in vs. 5b en 6 by sowel eerste as tweede gebod gevoeg. *Augustinus* reken vs. 2 tot 6 as een gebod, d.w.s. afgodediens en beeldediens. *Rome* en *Luther* volg Augustinus. Dan word tiende gebod in twee gedeel: Jy mag nie naaste se huis, vrou ens. begeer nie – tiende gebod. Probleem met hierdie indeling is:

*Eerstens:* In Deut. 5 word vrou eerste genoem en huis tweede.

*Tweedens:* Hierdie indeling voeg afgodediens en beeldediens saam wat twee verskillende sake is (eerste gaan oor ware godsdiens, tweede oor ware erediens) en skei sonde van begeerte op kunsmatige wyse in twee.

## 3.3 KARAKTER VAN DEKALOOG

### 3.3.1 Israelitiese karakter

Inkleding van Dekaloog is suiwer Israelities. Woestynvolk, nomade. Verlossing uit Egipte, Beloofde Land. Dit gaan om os, esel. Vrou word op tipies Oosterse wyse tussen besittings genoem. Maar sake waaroor dit gaan, geld vandag nog en vir alle tye, bv. moord, egbreuk, diefstal.

### 3.3.2 Sinekdogeïese karakter

Sinekdogee – stylfiguur – deel vir geheel. (Voorbeeld: daaglikse brood – daarmee word veel meer as brood aangedui, ook kleding, behuising ens.). So noem Dekaloog telkens één sonde maar bedoel daarmee alle sondes wat daarmee in verband staan.

### 3.3.3 Negatiewe en positiewe karakter

Uit verbode kwaad moet telkens deurgedring word tot gebode deug.

## 3.4 DEKALOOG EN LIEFDE

Dit gaan veral vir N.T. gelowige nie om 'n reeks uitwendige bepalinge nie. Dekaloog veronderstel liefde tot God en liefde tot naaste. Dit is grond van alle sedelikheid. Daarsonder ontaard gebodsonderhouding in Fariseïsme – Fariseërs het Wet op punte van vingers geken en daar nog honderde bybepalinge bygevoeg – maar swaarste van Wet, die liefde, het hulle nie geken nie.

### 3.5 DEKALOOG EN DANKBAARHEID

In O.T. is wet *tugmeester* tot Christus – paedagogos = slaaf wat seuntjie oppas en hom skool toe bring. In N.T. is dit reël van dankbaarheid vir verlossing deur Christus. Dankbaarheid moet met dade bewys word – hoe moet dade wees? Volgens wil van God soos geopenbaar in wet.

### 3.6 INLEIDENDE WOORDE VAN DEKALOOG

"Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het" (Ex. 20:2).
God openbaar Hom as Verbondsgod – Ek is wat Ek is – Jahveh.
Vgl. roeping van Moses, Ex. 3:14. HERE – God se Verbondsnaam. Dui op onveranderlikheid en trou. God het Israel verlos – Hy is hulle God en hulle sy volk – daarom moet hulle doen wat Hom welbehaaglik is soos in sy Wet geopenbaar. Soveel te meer geld dit vir gelowiges van N.T. wat deur Christus verlos is. Godsdiens, sowel in Ou as Nuwe Testament, is verbondsbetragting. Verbond = ooreenkoms tussen twee partye teen gemeenskaplike vyand. I.c. God en sy volk teen Satan. So besien is doel van wetsonderhouding: om God teenoor Satan tot sy eer te laat kom in menselewe.
1 Kor. 10:31 – "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God". Dit geld in baie besondere sin van wetsonderhouding.

## 4. DIE EERSTE GEBOD

### 4.1 EKSEGESE

*Voor my aangesig* – Antropomorfisme vir: God se teenwoordigheid. God is alomteenwoordig. Dus: nêrens mag die mens ander gode hê nie. Positief gestel: mens se hele lewe, elke dag, op elke plek moet diens van God wees.

*Ander gode* – daar is nie werklik ander gode nie. Hier word bedoel afgode wat mense vir hulself maak en wat hulle met God gelykstel. Daar is maar een God: "Hoor Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE" (Deut. 6:4).

### 4.2 BESONDERE PLEK VAN EERSTE GEBOD IN DEKALOOG

Die eerste gebod staan aan begin van Dekaloog – lê *grondslag* van alle godsdiens en sedelikheid. Gehoorsaamheid aan eerste gebod lê nie in uitwendige handeling nie maar in gesindheid van hart. Wat by eerste gebod eksplisiet

gebied word, word by alle ander gebooie implisiet veronderstel. "Das dominierende Prinzip, initium et Principium des ganzen Gesetzes" (Sartorius). By navraag na betekenis van eerste gebod antwoord Luther: "Wir sollen Gott über alle Dingen fürchten, lieben und vertrauen". Dit geld eksplisiet van eerste gebod, maar implisiet van alle ander gebooie. So is eerste gebod telkens motief vir vervulling van ander gebooie. Sonder eerste gebod is onderhouding van ander gebooie onmoontlik, of dit ontaard in uitwendige pligleginge.

Onderskei tussen beginsel en daad, wortel en vrug, pietas en cultus, godsaligheid en godsdiens. Eerste gebod het steeds betrekking op eersgenoemdes. Gebrek aan godsdiens van hart lei tot (of is) ateïsme.

Ateïs is iemand wat subjektief sonder God is, wat selfs die scintillae (vonkies) van oorgeblewe godskennis wat aan alle mense eie is, onderdruk of negeer. "Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie" (Ps. 14:1; 53:2. Vgl. 10:4). Gewoonlik word onderskei tussen praktiese en teoretiese ateïsme.

*Praktiese ateïsme:* bestaan in verskillende gradasies en verskillende aanleidinge. Vbb. van praktiese ateïsme: sondige mensehart wat in dae van voorspoed geensins met God reken nie; onttrekking van hele sektore van menselewe aan heerskappy van God; uitbanning van Godsvrug omdat dit in pad staan van onsedelike lewe; wanhoop gebore uit skok; in lg. geval is psigologiese proses aanwysbaar: skok, twyfel, praktiese godsversaking.

*Teoretiese ateïsme:* Kom op uit wysgerige denke. Veral Rasionalisme, Ewolusionisme en Eksistensialisme lei tot teoretiese ateïsme. Rasionalisme van 18de eeu loop uit op Franse Rewolusie met kreet: Geen God en geen meester!

Tans: God-is-dood-teologie.

*Algemene genade* werk stuitend in op ateïsme. Semen religionis is klaarblyklik onverwoesbaar in mens sodat sensus divinitatis nie op duur ten volle onderdruk kan word nie. Daarom is ateïsme meesal nie absoluut nie maar steeds relatief, behalwe miskien in uiterste uitsonderingsgevalle. Waarskynlik sal in tyd van *groot afval* hierdie stuitende werking van algemene genade nie meer plaasvind nie, sodat in ryk van Antichris teoretiese en praktiese ateïsme sal hoogty vier.

### 4.3 NEGATIEWE SY

#### 4.3.1 Afgodery

*Definisie:* "Afgodery is om in die plek van die enig ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom, iets anders te versin of te hê, waarop die mens sy vertroue stel" (Heid. Kat., Sondag 34).

*Grondbetekenis* van die woord afgod is: valse god, leuengod, iets wat nie god

is nie.
Afgodery is dus ten diepste 'n gesindheid van ontsag vir iets wat nie God is nie, 'n valse god.

By *ou heidendom* was growwe afgodery: In plaas van God is afgode gedien soos Baäl, Astarte, Nebo, Bel, Dagon. Dit is openlike breuk met ware God wat Hom in sy Woord openbaar.

By *moderne heidendom* minder openlike, meer geraffineerde afgodery: *Mensaanbidding* (sporthelde, filmsterre, politieke leiers ens.). Bybelse voorbeeld: "Die stem van 'n god en nie van 'n mens nie" (Hand. 12:22) Vgl. ook outydse keiserkultus – keiser as god vereer – nalewing daarvan by Nasionaal-Sosialisme). *Stofaanbidding:* Materialisme, Mammondiens, sportaanbidding (meer liefhebbers van vermaak as liefhebbers van God).

### 4.3.2 Towery

Onderskei moet word tussen handvaardigheid waarmee toertjies uitgehaal word ("sleight of hand"), en nabootsing van almal van God met of sonder behulp van Satan – sg. swartkuns, okkulte handeling. Eersgenoemde is nie op sigself verkeerd nie, mits mense (veral kinders) nie daardeur mislei word nie. Laasgenoemde is altyd verkeerd. Fout van towenaar: hy boots God se almag na – God alleen het mag oor natuurwette. Towenaar wek skyn dat hy dié ook het. Daarom oortreding van eerste gebod – towenaar stel hom in plek van God.

Skrif verbied towery: In Deut. 18:10 word dit goëlery genoem. Vgl. Geskiedenis van Simon die towenaar (Hand. 8:1-25) Elimas die towenaar (Hand. 13:6-12).

Rol wat Satan in towery speel: Satan self kan geen wonders doen nie, maar hy doen wel wonderlike dinge. Hy kan alleen nadoen (vgl. Egiptiese towenaars en Moses). In Oosterse godsdienste speel magié groot rol.

### 4.3.3 Waarsêery

Waar towenaar hom in plek stel van almagtige God, stel waarsêer hom in plek van alwetende God. Waarsêery het al onder vroegste heidenvolke voorgekom en het dikwels Israel binnegedring as valse profetisme. Heidense waarsêers het probeer om van voëlgeskreeu of ander natuurtekens soos die stand van sterre, toekoms te voorspel. Sommige mense het klaarblyklik divinasievermoë as aangebore gawe – kan aanvoel wat in toekoms gaan gebeur. Vgl. geloof onder ou mense dat sommige mense "met helm gebore" word. Veral Oosterlinge het dit tot ongelooflike hoogtes ontwikkel – die sg. derde oog maak vérsiende. Vgl. bonatuurlike voorkennis by "Siener" van Rensburg.

Mens mag nie sy toevlug neem tot waarsêery – ook in moderne vorme: teekoppies lees, fortuinvertellery, kristalkykery, kaarte, handpalmlees, sterrewiggelary. Wat ons nodig het om vir ons geluksaligheid van toekoms

te weet, is in Woord van God geopenbaar. Bybel verbied waarsêery – "Daar mag niemand by jou gevind word wat ... met waarsêery omgaan nie" (Deut. 18:10). Vgl. die verhaal van die heks van Endor (1Sam. 28).

### 4.3.4 Bygeloof

Bygeloof verwag van natuurlike dinge bonatuurlike invloede ten goede of ten kwade. Bv. Amulette, gelukbringers, crucifices, relikwieë (bv. beweerde stukkies van kruis). Hieronder ook beswering van siektes. Moderne bygelowe is menigvuldig: swart kat, hoefyster, nommer 13. Baie hiervan lyk onskuldig. In werklikheid soms strooitjies wat wys in watter rigting wind waai. (Wat van geloof aan spoke? ).
Verkeerde daarin is om van skepsel te verwag wat Skepper alleen kan doen of gee.
Bygeloof is verloëning van God as enigste Almagtige en dus weiering om aan sy ordinansies vir die skepping onderworpe te wees.

## 4.4 POSITIEWE SY

Heidelbergse Kategismus (Sondag 34): "Dat ek die enige ware God reg moet leer ken. Hom alleen moet vertrou, in alle ootmoedigheid en lydsaamheid my aan Hom alleen moet onderwerp, van Hom alleen alles wat goed is, moet verwag, Hom van ganser harte moet liefhê, vrees en eer, sodat ek eerder van alle skepsele sal afsien en dié laat vaar as dat ek in die allerminste teen sy wil sal handel". Let op die besondere formulering: *enige* ware God ... Hom *alleen* ... van *ganser* harte .. van *alle* skepsele afsien ... in *allerminste* teen sy wil handel. Dui daarop: *alles* moet op God gerig wees en op Hom *alleen.*

In formulering van Kat. figureer driedeling: *profeet* (Hom reg moet leer *ken), priester* (Hom alleen moet *vertrou,* Hom van ganser harte moet *liefhê), koning* (my aan Hom alleen moet *onderwerp,* van Hom alles wat goed is, moet verwag.) In hierdie drie, profetiese kennis, priesterlike liefde, koninklike gehoorsaamheid aan God se wil, bestaan beeld van God in mens. (Hou verband met drie hooforgane: hoof, hart en hand).

Christus het eerste gebod volmaak onderhou. Hy is ons Hoogste Profeet wat aan ons die volle Raad van God kom openbaar het, ons enigste Hoëpriester wat met enige offerande van sy liggaam ons verlos het, ons ewige Koning wat ons met sy Woord en Gees regeer (Heid. Kat. Sond. 12).

## 4.5 SLOTSOM

Eerste gebod is van fundamentele betekenis in Dekaloog. Hoe meer hierdie eerste gebod met toewyding onderhou word, des te meer sal dit die drang van die hart wees om al die ander te onderhou.

# 5. DIE TWEEDE GEBOD

## 5.1 EKSEGESE

Hebreeuse woord wat met gesnede beeld vertaal is, is *pésel*, afgelei van werkwoord 'wat beteken om uit hout te kerf, uit steen te kap.

*Temoena*, gelykenis, kom van min, spesie, vorm gedaante, gestalte.

*Kreatuurlike vorme* waarin God nie afgebeeld mag word nie, word hier nader gespesifiseer: Daar mag geen hout- of klipbeeld van God gemaak word na die model van enige kreatuurlike wese. Drieërlei sfeer word genoem: Hemel, aarde, see. (Waters onder aarde dui op Oosterse wêreldbeeld: aarde is plat skyf wat dryf op oervloed).
M.a.w. geen enkele skepsel mag uitgebeeld word om God in die gedaante voor te stel nie.
*Jaloerse* God dui op verbondsverhouding – God is Man, Israel is vrou. God se jaloesie sonder haatlike en kleinlike van menslike jaloesie. Aanverwant aan sy toorn wat in wese gekrenkte liefde is. Toorn en liefde soos twee kante van dieselfde muntstuk.

*Verbondsmatige toerekening* van skuld en genade blyk uit straf van misdade aan derde en vierde geslag en barmhartigheid wat bewys word aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.

## 5.2 VERSKIL TUSSEN EERSTE EN TWEEDE GEBOD

Eerste handel oor *afgodery* – tweede oor *beeldediens*. Afgodery is om 'n ander god te hê as die ware God. Beeldediens is om die ware God op 'n verkeerde manier te dien, naamlik deur middel van 'n beeld. Eerste gebod sê *wie* die ware God is, tweede gebod sê *hoe* die ware God gedien moet word. Eerste gebod handel oor *voorwerp* van aanbidding, tweede oor *wyse* van aanbidding.

## 5.3 VOORONDERSTELLINGS BY DIE TWEEDE GEBOD

5.3.1 God is Gees en moet in gees en waarheid gedien word (Joh. 4:23).

5.3.2 Die mens is 'n psigo-somatiese wese en moet dus aan sy Godsverering op sigbare, tasbare wyse uiting gee. Godsdiens is voor alles saak van hart, cultus internus. Maar dit kom tot uiting in cultus externus.

5.3.3 Cultus externus moet altyd ondergeskik bly aan geestelike karakter van erediens. Sondige trek in mens wil cultus externus versinnelik. Kwaad lê hierin dat sinlike voorstellings op God oorgedra word – dit lei weg van God wat Gees is en in gees en waarheid aanbid moet word.

5.3.4 Enigste beeld van God is Christus. "Hy is die beeld van die onsienlike God" (Kol. 1:15). Wie 'n ander beeld van God maak, verwerp die ware Beeld van God, Jesus Christus.

5.3.5 Daarom is Woordverkondiging in Calvinistiese eredienste sentraal. By Rome staan altaar in sentrum van kerk, by Gereformeerdes die kansel.

## 5.4 NEGATIEWE SY

### 5.4.1 Grofste vorm van beeldediens

Soos Israel by Sinai met goue kalf. Bedoeling was: sigbare voorstelling van God. By Oosterse volke: stier met bundel bliksemstrale op rug. Israel gaan nie sover – maak net kalf.

### 5.4.2 Fyner vorme van beeldediens

5.4.2.1 Soos in ***Roomse kerke:*** beelde van Christus, Maria e.a. heiliges – as boeke van leke. By Rome nie aanbidding maar verering van beelde (vgl. Nagmaalsformulier: almal wat aan beelde eer bewys). Dis versinneliking van erediens – God wil sy Christene nie deur stomme beelde nie maar deur die lewende verkondiging van Woord onderrig.
Eerste Christene het geen beelde in erediens gehad nie. In vyfde eeu n.C. toe baie mense uit heidendom by kerk aangesluit het (talle met onsuiwer motiewe! ) het aandrang vir beelde baie sterk geword. Na lang stryd op Konsilie van Konstantinopel 842 finaal goedgekeur.

5.4.2.2 By Rome en soms ook by Protestante *toekenning van inherente heiligheid* aan kerkgebou, kansel, orrel ens. Hieruit spruit praktyk voort om soos in O.T. kerkgebou, kansel orrel ens. te wy vir diens van Here. In O.T. kon dit – daar was tempel ens. heilig, aan God gewy. Maar in N.T. het alle seremonies en skadu's verval omdat hul in Christus vervul is. Wie nou nog 'n kerk ens. wy, misken metterdaad alles-volbrengende karakter van Christus se versoeningsdood. Nie gebou is heilig, maar gemeente is tempel van H. Gees en daarom heilig.

5.4.2.3 Vgl. probleem van *erediens oor televisie* – vertoning van talle bykomstighede (mooi venster, mooi meisies, mense wat sit en slaap ens.) trek aandag af van Woord.

5.4.2.4 'n Besondere vorm van oortreding van tweede gebod is *eiesinnige (eiewillige) godsdiens.* Term "eiesinnige godsdiens" kom net voor in Kol. 2:23. Hier word daaronder verstaan: die onderhouding van gebooie en leringe van 'n mens (vs 22) met betrekking tot die gebruik al dan nie van spys en drank. Dis 'n godsdiens wat steun nie op Woord van God nie maar op goeddunke van mense. Jesus veroordeel dit. "Tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is" (Matth. 15:9). Hier word

outonome teenoor teonome moraal gestel.
Voorbeeld daarvan in O.T. – Saul wat self offer bring in plaas van te wag vir Samuel. "Wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens" (1 Sam. 15:23). Erediens word onsuiwer wanneer dit nie meer volgens eis van Woord ingerig word nie maar volgens goeddunke van mense.
Mense kan ook met stomp koubeitels van verbeelding godsbeelde maak na eie willekeur: 'n God wat nie oë het nie, of sonder hande of voete is, of nie ore het nie ens.

## 5.5 POSITIEWE SY

Vir *erediens* het tweede gebod deurslaggewende betekenis: erediens is ontmoeting van God met sy gemeente. God is Gees, daarom is ontmoeting suiwer geestelik. In erediens hoort dus alleen die handelinge tuis wat nodig is vir gesprek tussen God en gemeente. Daarom het Gereformeerdes weggedoen met talle Roomse praktyke en instellinge: altaar, offer, koor, wywater. Prediking staan sentraal.
Vir *persoonlike lewe* het tweede gebod hierdie betekenis: In 17e eeu was godsdiens en erediens sinoniem. In voorrede van Statevertalings (1637) word gespreek van "oprechte, ware, Christelijke gereformeerde religie en de zuivere godsdienst". Hieruit is af te lei dat nie net erediens op Sondag onder tug van tweede gebod val nie maar ook hele lewe van elke dag. Hele lewe is cultus Dei volgens Rom. 12:1 – "dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens". Erediens omvat dus alle dae van ons lewe en is stimulus vir heiliging van ons gedagtes, woorde en werke.

## 5.6 BEDREIGING EN BELOFTE

*Bedreiging:* God besoek misdaad van vaders aan derde en vierde geslag. *Belofte:* God bewys barmhartigheid aan duisende wat sy gebooie onderhou. (Let wel: – gebooie – meervoud. Dit geld dus nie net van tweede maar van al tien gebooie).
Hierdie verbondsmatige toerekening van skuld en genade word dwarsdeur Skrif aangetref – vgl. Rom 5:12 v., waar 'n parallel tussen Adam en Christus getrek word as twee verbondshoofde.
Daar is 'n erfvloek wat uitstrek oor derde en vierde geslag en erfseën oor duisende wat wet onderhou.

# 6. DIE DERDE GEBOD

## 6.1 EKSEGESE

In Hebreeus staan daar letterlik: Jy mag die Naam van die HERE jou God *nie tot nietigheid ophef* nie. Nasa – ophef.
Teenoorgestelde: Laat lê. *Ophef* van die Naam van die HERE beteken om dit te gebruik, aan te wend.

*Naam is uitdrukking van Wese.* Dis dié openbaring van God. Na-eksiliese Jode vertolk derde gebod as sou die Naam van God nooit uitgespreek mog word nie. Daarom is Naam Jahveh oorgeslaan by Bybellees. Maar dis nie wat derde gebod bedoel nie. Uitspreek van Naam is nie sondig nie, wel ydel gebruik daarvan.

*Ydel gebruik,* d.i. ligvaardig. Naam van God is heilig en met sy Wese een. Ook ydel gebruik van ander openbaringe van God te veroordeel: sy deugde, bv. almag, sy werke, bv. donder en bliksem, sy oordele, bv. hel.

*Bedreiging* word ingelui met "want". Godself sal misbruik van sy Naam straf. By Israel is dit op bevel van God met dood gestraf, Lev. 24:16. Verskil van bedreiging by tweede gebod: by tweede gebod geld straf derde en vierde geslag. By derde gebod geld straf dadelik oortreder self.

## 6.2 NEGATIEWE SY

### 6.2.1 Vloek

Hieronder word eerstens verstaan misbruik van God se Naam. Dit kan deur die Naam as stopwoord te gebruik in gesprekke, selfs in gebede. Tweedens word hiermee bedoel: vervloeking van andere of jouself. Vgl. Job – sy geboortedag. Derdens die uitdruklike lastering van God, dit wil sê aan God misdaad toeskryf en Hom verwens.
Vloek het in Bybel betekenis van kragbegrip – staan teenoor seën. Vloek is wegdryf voor aangesig. Dat Christus die vloek wat op ons gerus het, gedra het, beteken dat Hy voor God se aangesig verdryf is tot in verderf.

### 6.2.2 Vals en onnodig sweer

#### *6.2.2.1 Wese van Eedswering*

Om te sweer beteken: God inroep as Kenner van hart om vir waarheid getuienis te gee en my te straf as ek lieg (Vgl. Heid. Kateg., 37).
Eedswering gewoonlik saam met derde gebod behandel – vgl. Sondag 36, 37 H. Kateg. By derde gebod: God openbaar Hom in sy Naam – Naam en

Wese van God is een. Daarom: Naam van God heilig. Aanroeping van die Naam, ook by eedswering, moet met heiligheid rekening hou.

*6.2.2.2 Histories*

In sestiende eeu eedswering 'n brandende aktuele vraagstuk. Eedswering val soos huwelik op terrein van burgerlike lewe. *Rome* verkerklik alles. *Doperse* vergeestelik alles. Roomse *misbruik* en Doperse *miskenning* van eed. Daarteenoor *Calvinistiese* handhawing van eed.

6.2.2.2.1 Roomse verkerkliking en misbruik

Kateg. verwys na Roomse misbruik om by heiliges te sweer – Maria, Petrus, Paulus, ens. Volgens Rome moet burgerlike lewe verkerklik word. "Corpus Christianum" - struktuur van Middeleeuse samelewing. Geïnstitueerde kerk oorkoepel hele samelewing.
Daarom sweer Roomse by Pous, biskoppe, alle heiliges wat deur kerk as sodanig verklaar is.
Dit mag nie.
Rede: Eedswering = God aanroep as Kenner van hart om vir waarheid getuienis te gee en my te straf as ek lieg. Hierdie eer kom aan geen mens toe nie.

6.2.2.2.2 Doperse vergeesteliking en miskenning.

Veral Doperse interessant. Sestiende eeuse godsdienstige rigting – skei natuur en genade. Christen moet hom geheel en al aan wêreld onttrek – wêreld wingewés van Satan. Om spanning tussen kerk en wêreld te oorbrug gryp Doperse vooruit op ewige heerlikheid. Wil Teokratiese Godsryk op aarde oprig. Veral in Leiden en Munster. Owerheid omver, Jan van Leiden tot koning van Godsryk uitgeroep, veelwywery, naaktlopery, gemeenskap van goedere, afskaffing van eedswering. Eed onnodig, want in Godsryk praat almal waarheid. Beroep op Matt. 5:34 – Jesus: Sweer hoegenaamd nie Vgl. ook Jak. 5:12. By Doperse dus *miskenning* van eed.

6.2.2.2.3 Calvinistiese beskouing oor reg van eedswering-

Kernagtig saamgevat in Sondag 37 H. Kateg.; 'n Mens mag Godsalig by die Naam van God sweer "as die owerheid dit van sy onderdane eis, of anders die nood dit vorder om trou en waarheid daardeur te bevestig, en dit tot eer van God en tot heil van die naaste; want om so 'n eed te sweer is in die Woord van God gegrond en daarom ook deur die heiliges in die Ou en Nuwe Verbond reg gebruik."

*6.2.2.3 Omstandighede waaronder 'n eed gesweer mag word*

6.2.2.3.1 Wanneer owerheid dit eis.

Vbb. Koning Asa laat hele volk sweer.

Joodse Raad plaas Jesus onder eed – en Hy weier nie.
Owerheid het dus reg om eedswering te eis. Maar ook net owerheid – owerheid is instelling van God (Rom. 13:4). Mag owerheid ook eedswering van nie-Christene eis? Bv. aanhangers van Oosterse godsdienste, ateïste en heidene? Ja – eedswering veronderstel nie Godsbegrip nie maar Godsbesef. Vgl. Calvyn – klein vonkies Godskennis in gevalle mens – genoeg om alle verontskuldiging te ontneem (Rom. 1:19; Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 2).
Owerheid mag nie vir beuselagtige sake eedswering vorder nie.

6.2.2.3.2 Wanneer nood dit vorder:

Hier dus buite eis van owerheid om. In noodsituasie, bv. iemand se lewe op spel, oorlogstyd.
Vbb. Abraham en Abimeleg.
Jakob en Esau.
Dawid en Jonathan.

*6.2.2.4 Soorte ede*

Promissories en assertories
Om trou en waarheid te bevestig.

6.2.2.4.1 Promissoriese eed (vgl. Eng. "promise" – belofte)

Ook genoem eed van belofte. Eliëser moet hand op Abraham se heup lê en sweer dat hy vir Isak 'n vrou by Abr. se fam. sal haal.
Prom.-eed voor owerheid afgelê by:
aanvaarding van gewigtige amp, bv. koning, president, premier, minister. naturalisasie van immigrante. Erkenning van oorwinnaar na oorlog.

6.2.2.4.2 Assertoriese eed (vgl. Engels "assert" – verklaar)

Ook genoem eed van getuienis. Vgl. Jesus voor Sanhedrin. In hofsake. Vgl. probleem van meineed in regspraak. Meineed nie net eties verkeerd maar ook juridies strafbaar.
Het onderdaan ook reg om te weier om te sweer?
Ja. Gewoonlik maak owerheid voorsiening vir *eedswering* of *verklaring*.

*6.2.2.5 Vereistes waaraan 'n eed moet voldoen*

Eer van God,
heil van naaste.
Daar is ook *goddelose ede*. Vbb. Herodes i.v.m. sy dogter.
Jefta
Veertig Jode i.v.m. Paulus

Moet mens 'n goddelose eed nakom?
Nee. Met berou jeens God dat jy ligvaardiglik en tot sy oneer en tot skade van jou naaste gesweer het.
Andersyds: al het jy tot jou eie skade gesweer, moet jy dit hou (Ps. 15:4).

*6.2.2.6 Skriftuurlike begronding van die eed*

In Woord van God gegrond,
deur die heiliges van Ou en Nuwe Testament so gebruik.
Beroep van Doperse op Matth. 5:34-37 gaan nie op.
Jesus bestry hier nie *godsalige* eed maar *ligvaardige* eed soos gebruiklik by Jode: sweer by tempel, altaar ens. en verbreek dan weer sulke ede.
Wat alles afdoen: Jesus het Homself voor Sanhedrin onder eed laat plaas.
Vgl. Ps. 110:4 – "Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie."
God sweer By Homself!

**6.2.3 Verswyging van God se Naam**

Wanneer God in persoonlike en openbare lewe verswyg word, is dit ook oortreding van derde gebod. So bv. in "neutrale" onderwys, politiek, kultuur, kuns, wetenskap ens. Hoe geweldig word God se Naam gelaster as klippe sy heerlikheid uitroep maar in geologieklaskamer word sy Naam verswyg!
Of: hele geskiedenis is openbaring van God se voorsienigheid, maar in geskiedenisklaskamer word vasgesteek by oorsaak en gevolg sonder om hand van God daarin te sien.

**6.2.4 Toelaat dat daar gevloek word**

Calvyn: 'n Hond blaf as sy baas aangerand word. Hy sal byt ook as dit nodig word. Ons is tog nie slegter as honde nie. Waar die Naam van God onteer word, moet ons dit bestraf. Moeilike opgawe? Wie deurdronge is van God se heiligheid sal dit 'n moeilike opgawe vind om te swyg!

**6.3 POSITIEWE SY**

**6.3.1 Naam met vrees en eerbied gebruik**

God is in hemel en ons op aarde. Daarom pas ontsag vir sy hoë majesteit. Positiewe sy van hierdie gebod tree helder voor oog by eerste bede van Onse Vader: Laat u Naam geheilig word. Dis 'n guns om God op sy Naam te mag noem – vgl. Staatspresident, Eerste Minister, Hoofregter ens. In gebed, omgangstaal, Bybellees en sing is eerbied en vrees betaamlik.

**6.3.2 Reg bely, aanroep en in al ons woorde en werke prys**

Teenoor misbruik en lastering staan regte belydenis, ware aanroeping, eerbiedige prysing. In hele lewe gaan dit om verheerliking van heilige Naam

van God.

## 7. DIE VIERDE GEBOD

### 7.1 INLEIDING

"Martelaar onder gebooie" – Bolkestein. Veel misverstand. Kasuïstiek.
Altyd aktueel veral tans in lig van huidige sosiale struktuur:
Vyfdaagse werkweek.
Lang naweke
Industrialisasie en verpligte Sondagsarbeid.
In teëstelling met ander gebooie het vierde en vyfde gebooie positiewe vorm.
*Sake*
Eksegese
Geskiedenis van Sabbat.
Positiewe sy van gebod.
Negatiewe sy van gebod.

### 7.2 EKSEGESE

*Bewoording* in Ex. 20:8-10 verskil enigsins van Deut. 5:13. Ex. 20 – *Gedenk* sabbatdag. Deut. 5 – *Onderhou* sabbatdag. By wat in Ex. 20 staan, voeg Deut. 5 toe: "Soos die HERE jou God jou beveel het". Terugwysing na eerste bekendmaking in Ex. 20 by Sinai.
*Gedenk* – w.w. het betekenis van nadruklike imperatief. Uit w.w. gedenk blyk dat sabbat vir Israel bekende saak was.
Mens kan alleen gedenk wat reeds bekend is.
*Sabbat* – rusdag. Van sononder tot sononder.
*Heilig* – toe te wy aan die Here, af te sonder vir sy diens. Nie niksdoen – aktief besig wees in God se diens.
Vgl. werkwoorde in H.K. 38: kerkdiens en predikamp *onderhou*, met gemeente *opkom* Woord te *hoor*, sakramente te *gebruik*, God aan te *roep*, liefdesgawes te *bring*, van bose werke *rus*, Gees in my laat *werk*, ewige sabbat *begin*.
*Tweërlei considerans:*
*Ex. 20:11* – In ses dae het Here hemel en aarde gemaak – sewende dag gerus – *skeppingsordinansie* (Navolging van God)
*Deut. 5:15* – Jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was – *verlossing uit slawediens.*
(Daarom ook slawe en vee laat rus uit barmhartigheid.)

*Rus van God*
*Gen 2:2,3* – God het op sewende dag gerus en dit geseën en geheilig.

Vrae:
*1. Hoe moet sewende dag verstaan word?*

Sommige: 'n dag wat in oneindige uitstrek – op grond daarvan dat by sewende dag nie gesê word:
dit was aand en môre nie.
Maar as dit oneindig is, hoe kan dit 'n dag genoem word? Dus ook 'n dag soos die ander.
Hoe was ander dae?

*2. Hoe moet rus van God verstaan word?*

God, Almagtig word nie moeg (Jes. 40:28). Rus beteken eerstens genieting by aanskouing van voltooide skepping.

*Geseën en geheilig*

God lê besondere seën op dag – maak dat weldadige gevolge aan sy viering verbonde is.
God heilig die dag – maak dit tot 'n *heilige*, van gewone dae afgesonderde, aan God gewyde dag.

## 7.3 GESKIEDENIS VAN SABBAT

1. Oorspronklike sabbat.
2. Israelitiese sabbat.
3. Christelike sabbat.

### 7.3.1 Oorspronklike sabbat

Op grond van Gen. 2:2,3 word sabbat beskou as *skeppings-ordinansie* – moes dadelik na skepping onderhou word. Mens na beeld van God geskape – in mens se arbeid dieselfde ritme as in God s'n: ses dae werk, een dag rus. Hou verband met *werkverbond* (ook genoem Paradysverbond): deur goeie werke moes Adam vir homself en sy nageslag ewige rus verdien.

Dat sabbat voor Sinai bekend was, blyk uit: bevel: *Gedenk* – en uit *dubbele manna-insameling* vir sabbat voor wetgewing *(Ex.* 16:4 en 22-30).
Sabbat by *Assiriërs* en *Babiloniërs* ook bekend – by lg. *sabbatuv* genoem.

### 7.3.2 Israelitiese sabbat

#### *7.3.2.1 Voor Ballingskap*

Ex. 16 – dubbele manna-insameling – dus sabbat bekend. Bevel tot onder-

houding gegee in Ex. 20 – vierde gebod. Was nodig – waarskynlik het slawerny in Egipte sabbatsonderhouding laat uitslyt of selfs uitsterf. Telkens weer nodig – vgl. Jes. 65:2, 58, 59; Jer. 17:21.
By Israel tweërlei karakter: algemeen-menslik en Israelities sakramenteel.

7.3.2.1.1 Algemeen-menslike karakter

Op grond van skeppingsordinansie is sabbat "algemene mensevriend" – daarom *rus* vir vreemdeling in poorte en selfs diere.

7.3.2.1.2 Israelities-sakramentele karakter

Sabbat is 'n teken (Ex. 31:13-17; 20:12) in drieërlei sin: van *verbond* tussen God en Israel, dat die Here Israel *heilig*, van die *ewige* sabbat.

*7.3.2.2 Na ballingskap*

Nehemia bestraf sabbatsontheiliging (Neh. 13:15–21). Antiochus Epiphanes dwing Jode om sabbat te ontheilig – dit maak hul baie bewus van sabbat. Vromes onder Judas Makkabeüs het hul liewer laat doodmaak as om op sabbatdag hulself te verdedig!
Lei tot opkoms van Fariseërs met pynlik Joodse sabbatskasuïstiek. Sabbat 'n las i.p.v. lus. Noukeurig bepaal watter take verbode is – onder 39 hoofde tuisgebring.
Selfs naelsknip op Vrydag. Kultuswerksaamhede en dade van barmhartigheid en humaniteit mog verrig word – bv. besnydenis, verpleging van siekes. Are mag nie gepluk word, sekere soorte knope mag nie gemaak word, wanneer 'n kers of lamp aangesteek en geblus mag word.

*7.3.2.3 Christus en Isr. sabbat*

Telkens konflik oor kasuïstiek – nie oor sabbatsgebod self nie. Hy hou sabbat – Luk. 4:16, 31. Hy kom nie om te ontbind nie maar om te vervul (Matth. 5:17).
Sy genesingswonders op Sabbat geskied opsetlik – vgl. Joh. 5:1-16 (38-jarige kranke), Luk. 13:10-17 (vrou 18 jaar verlam) Joh. 9:14-16 (blindgeborene).
Bedoeling: ingaan teen nomisme en wys op wetsbetragting uit liefde. Weldadigheid is op sabbat ewe goed as godsdiens self.
*Twee uitsprake van Christus i.v.m. sabbat:*

Christus dien Homself aan: Here van die sabbat – Mark. 2:28, Matth. 12:8. Hy het reg om te gebied oor sabbat, het reg om ware interpretasie van sabbatsordinansie te gee – teenoor Fariseërs met wetsverknegting.
Christus verklaar: sabbat is vir mens en nie mens vir sabbat. Dis gawe van God en nie 'n straf van God.

JES. 58: 13.

### 7.3.3 Christelike sabbat

In *apostoliese* tyd voor Paulus onderhou Christelike gemeente Joodse sabbat. Sedert *Paulus* se optrede begin veral by Christene uit heidendom sede opkom om eerste dag van week as dag van Christus se opstanding te gedenk. "Op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek" (Hand. 20:7). "Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is" (1 Kor. 16:2). "Ek was in die Gees op die dag van die Here" (Openb. 1:10).
Stryd tussen *Judaïsme en Paulinisme* laat Joodse sabbat op agtergrond raak ten gunste van Christelike Sondag. Vgl. Gal. 4:10; Kol. 2:17.
*Na eerste eeu* is sewende dag heeltemal vervang deur eerste dag van week. *Konstantyn* begin in 321 n.C. met Sondagswetgewing wat alle beroepsarbeid en publieke vermaaklikhede op Sondae verbied.
In *Middeleeue* word Sondagsviering verder deur staatswette en sinodebesluite gereël. Kry sterk wettisistiese karakter. Volgens *Thomas van Aquino* is omruiling van Saterdag met Sondag 'n bloot kerklike instelling. Teen Thomas se opvatting het *Reformatore* (16e eeu) eenparig opgekom. Volgens hulle is Joodse sabbat met sy seremoniële karakter deur koms van Christus vir goed afgeskaf. Eerste dag van week is feesdag n.a.v. opstanding van Christus. Moet onderhou word as dag om met dinge van ewige lewe besonderlik besig te wees. Hou ook in dat mens al die dae van jou lewe van jou bose werke moet rus en so ewige sabbat in hierdie lewe begin.

## 7.4 POSITIEWE SY

Sabbatsgebod stel drieërlei eis:
navolging van God,
onderhouding van inwendige sabbat,
onderhouding van uitwendige sabbat.

### 7.4.1 Navolging van God

God het voorbeeld gestel deur ses dae te werk en een te rus. "Dit is van geen klein gewig om mens se ywer op te wek as hy weet dat hy in die voetspore van sy Skepper volg", (Calvyn, Institusie, II, 8.30). Navolging van God word hier as hoogste deug aangeprys — dis een van grondgedagtes van Skrif, vgl. Lev. 19:2; Matth. 5:48; Ef. 5:1. Hierdie hoë geestelike eis lê reeds in mens se skepping na beeld van God. Deur Christusword die beeld in wedergeborene herstel.

### 7.4.2 Onderhouding van inwendige sabbat.

Innige verband tussen onderhouding van inwendige sabbat en navolging van

God. Onderhouding van inwendige sabbat is om nie alleen Sondag maar ook elke dag van week van bose werke te rus. Oor werke van vlees vgl. Gal. 5:19-21. Tot daaglikse onderhouding van sabbat behoort wat H. Kategismus noem: "die Here deur sy Gees in my laat werk". Dan word vrugte van Gees voortgebring (Gal. 5:22).
Daarom mag Heilige Gees nie weerstaan of bedroef word (Ef. 4:30). Op geloofsweg kry gelowige uitsig op ewige sabbat, rus wat weggelê is vir volk van God (Hebr. 4:9, vgl. Jes. 66:23). Ewige sabbat het vir volk van God in beginsel reeds hier begin. Maar eers by opstanding van dode by wederkoms sal viering van inwendige sabbat ten volle verwesenlik word.

**7.4.3 Onderhouding van uitwendige sabbat.**

Rusdag na ses werkdae is skeppingsordinansie van God en geld vir alle mense. Omwisseling na eerste dag van week is gegrond in herskeppingswerk van Christus by sy opstanding uit dode. Hierin moet besondere leiding van Heilige Gees gesien word. Twee aspekte is belangrik, nl. Sondagsheiliging en Sondagsrus.

*7.4.3.1 Sondagsheiliging*

Heilig beteken om iets af te sonder vir diens van Here. Sondag is dus geen vakansiedag maar 'n dag om met diens van God besonderlik besig te wees. Oor vraag wat op Sondag mag en nie mag nie, moet geen kasuïstiek gepleeg word met reël op reël en gebod op gebod nie. Grondreël: wat dien tot beter omgang met God, hoort tuis by Sondagsviering, en wat diens van God versteur, moet nagelaat word.
Kategismus noem 'n reeks Sondagshandelinge – volkome positief met geen enkele verbod! Kerkdiens, predikamp moet onderhou word. Dit gaan dus om kerklike erediens. Ook stoflike offers vir instandhouding van erediens. Skole kom daarby – Christelike skole sodat kinders in vrese van Here geleer word, en Teologiese Skole waar predikante opgelei word.
By Christelike Sondagsviering hoort nie net kerkbesoek nie maar ook huisgodsdiens en persoonlike ondersoek van Skrif en gebed.

*7.4.3.2 Sondagsrus*

Het nie 'n absolute maar relatiewe karakter. Middel tot 'n doel. Doel is tweërlei: enersyds heiliging van rusdag sodat daar geleentheid is vir kerkbesoek. Andersyds herstel van arbeidskrag. Dit eis soveel moontlik onthouding van daaglikse arbeid. Wanneer Sondag tot arbeidsdag gemaak word, word arbeider 'n slaaf. Natuurlik is daar noodsaaklike arbeid – verpleging van siekes, versorging van vee, noodsaaklike werke in nywerhede om groot skades te voorkom – volgens reël van Luk. 14:5 – kalf in put.
Onmoontlik om vaste voorskrifte te gee – iedereen moet met gewete voor God uitmaak of sy gedrag in bepaalde situasie volgens bevel van die Here is.

Rus is nie absoluut niks doen nie. God self het op sewende dag nie niks gedoen nie maar Hom in skepping verlustig. Rus is veelal iets anders doen as in week.

### 7.5 NEGATIEWE SY

Vierde gebod verbied dat mens rusdag vir homself opeis. Dis by uitstek God se dag.
Opeising kan op menigte wyses geskied. Deur onnodige arbeid, ledigheid (oorkussing van duiwel! ), dag omslaap, sport en ontspanning. Kortom, alles wat in pad staan van besondere diens van en omgang met God waarvoor rusdag bedoel is.

## 8. DIE VYFDE GEBOD

### 8.1 INLEIDING

Vyfde gebod is eerste op tweede tafel van Wet en vorm oorgang tussen twee tafels.
Eerste tafel: Liefde tot God.
Tweede tafel: Liefde tot naaste.
Onder naaste staan vader en moeder voorop.

*Vier sake:*
1. Eksegese van die gebod.
2. Idee van gehoorsaamheid.
3. Beoefening van gehoorsaamheid.
4. Die seën van gehoorsaamheid.

### 8.2 EKSEGESE

*Ex. 20:12* – Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.
*Deut. 5:16* – Eer jou vader en jou moeder soos die HERE jou God jou beveel het, dat jou dae verleng mag word en dat dit met jou goed mag gaan in die land wat die HERE jou God aan jou gee.
*Eer* is vertaling van kabeed – afgelei van w.w. wat beteken "swaar, gewigtig wees", "ryk, geëer wees".

Hier: "Van gewig ag, eer". Beste vertaal met tweede persoon, manl. enkelvoud.
Eerbied word beveel aan elke Israeliet — man vir man.
*Moeder* by genoem — die vrou het in Israel geëerde plek ingeneem naas man. Vgl. Salomo en Lémuel se moeders. Bybel noem vader en moeder nie net *ouers* nie maar ook *owerheidspersone, profete en leraars* (Gen. 45:8; Rigt. 5:7; 2 Kon. 2:12; 13:14).
Die belofte: sodat jou dae verleng mag word — sowel 'n lang persoonlike lewe as 'n lang gevestigde verblyf in die beloofde land wat mede bereik sou word deur ordelike samelewing.
*Hoë ouderdom* geld as besondere voorreg in Ooste — teken van God se guns.

## 8.3 IDEE VAN GEHOORSAAMHEID

### 8.3.1 Gesag:

God regeer as Koning — Ps. 97, 98. God is absoluut soewerein. Die Almagtige. Daar is geen gesag behalwe van God. Rus ook in feit dat Hy Skepper is van alles. God regeer sedert hemelvaart *deur J.X.* Matth. 28:18 — "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde." H.K. Son. 19 — "deur wie die Vader alle dinge regeer".
Menslike gesag rus in God se welbehae — H.K. Son. 39 — "dit *behaag* God om ons deur hulle (ouers en owerhede) se hand te regeer". God het in sy Raad gesagsinstansies bepaal: ouers, owerhede, ens. Gesagsdraers verrig amptelike diens. Regeer by grasie van God. "Aan wie God gesag meedeel, hom versier Hy met 'n straal van sy heerlikheid ... Dus is dit reg om in hom wat aan ons as vader gegee is, iets goddeliks te erken aangesien hy die goddelike titel nie tevergeefs dra nie." — Calvyn, Institusie II, 8, 35.
God dra nie sy gesag oor aan gesagsinstansies nie — dan sou Hyself sonder gesag wees. Hy beklee hul met gesag.
Menslike gesag altyd beperk, relatief. Dienende karakter.
Rom. 13:4 — Dienaar van God, jou ten goede.
Ouerlike gesag eerste in *tyd* en *orde*. *Tyd:* oudste gesagskring. Orde: suiwerste afspieëling van God se gesag.
Uit ouerlike gesag ontwikkel patriargale gesag: oor geslagte en stamme. Daaruit: owerheidsgesag. Ouerhuis is bron. As bron onsuiwer is, is alle damme onsuiwer. Belangrikheid van huisgesin.
Gesag — afgelei van sê. Nedl. gezag — zeggen. Gesagdraer iemand met seggenskap oor ander. Reg om te beveel.
As vrug van *algemene genade:* gesag in ouerhuis, maatskappy en owerheid. Doel: om deur wet en orde deurbreking van kwaad te stuit. Natuurlike liefde — storgé, Rom. 1:31.
As vrug van *besondere genade:* kerklike gesag.
Dus vierderlei gesag: ouerlik, maatskaplik, owerheid, kerklik. Gesagskringe.

Soewereiniteit en universaliteit in eie kring. *Soewereiniteit* in eie kring : Elke gesagskring geregeer volgens eie wette
*Universaliteit* in eie kring : Gesagskringe hou verband met mekaar.

**8.3.2 Gehoorsaamheid**

Solank gesag volgens Woord van God geoefen word, moet dit met gehoorsaamheid beantwoord word.
Nie omdat owerheid sterker is, maar *omdat dit God behaag ... Idee van gehoorsaamheid:* luister en doen wat diegene beveel wat deur God oor ons gestel is. Ten diepste: gehoorsaamheid aan God.
Volgens bevel van Christus: Betaal aan keiser wat keiser toekom ...
Christus gee nie net voorskrif, ook voorbeeld: Onderwerp Hom aan Josef en Maria, Pilatus. "U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bó gegee was nie" (Joh. 19:11).
*Reg tot verset:* alleen wanneer owerhede bevele gee in stryd met God se Woord – Vgl. Petrus en Johannes voor Joodse Raad: Verbied om in Naam van Christus te preek – Antwoord: "Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis" (Hand. 4:19).

## 8.4 BEOEFENING VAN GEHOORSAAMHEID

H.K. noem drie sake:

**8.4.1 Eer, liefde en trou.**

Eer gaan voorop. Gesagdraer is dienaar van God. Daarom eer aan God. Die gesagdraer "vir gewigtig hou". God het hom in amp gestel.
Eer nie genoeg. Liefde nodig. Eerbied vir amp. Liefde vir persoon. Ouerliefde – teken van God se liefde.
"Monsters is dit, geen mense, wat die vaderlike mag deur versmading en hardnekkigheid verbreek. Daarom beveel die Here dat almal wat hulle ouers ongehoorsaam is, doodgemaak moet word as synde die weldaad van die lewe onwaardig daar hulle diegene nie erken nie deur middel van wie hulle in die lewe gekom het" (Calvyn, Institusie, II, 8, 36). – "HY wat sy vader of moeder vloek, moet sekerlik gedood word" (Ex. 21:17; vgl. Lev. 20:9; Spreuke 20:20 ).
Ouerliefde – wonder van God se genade. Beeld van Vaderliefde van God – bereid om offer te bring. Moet met wederliefde beantwoord word.
*Trou* – voortgesette eerbied en liefde. Wanneer ouers oud is, lastig, nie meer in tred. Nie op diakonie afskuif. Ouetehuise? Wending in Gereformeerde siening. Probleme by besluit.
Eer, liefde en trou *bewys.* Nie lippetaal – dade!
"Goud van liefde wil blink in sonlig van daad" – Totius.

### 8.4.2 Gepaste gehoorsaamheid

Ouers *leer* kinders – met woord én voorbeeld.
Vgl. Doopsbelofte – hulle in dié leer te onderrig of laat onderrig.
Verbondskwessie. Hele C.N.O.-vraagstuk gewortel in vyfde gebod.
Goeie leer – ouers kan veel sondig met slegte leer. Ouers gee aan kind se siel en gees gedagte-inhoud. Vgl. Spreuke van Salomo.

Ouers ook geroep om te *straf.* Kritieke element in wedersydse verhouding. Moeilik om regverdig en verstandig te straf. Kind is van nature opstandig – veral in puberteit. Ouer moet tug volgens aard van elke kind. Kern van permissiwiteit is gebrek aan tug. Tug – "Zug" – "ziehen" – nadertrek.
"Luister na die tug van jou vader" (Spr. 1:8; 4:1).

*Goeie* leer en straf. Ouers is self sondaars – wanneer nie deur Here geleer, kan leer en straf in hul hand ontaard tot mishandeling en tirannie. Paulus vermaan kinders *en* ouers.
*Ef. 6:1-4* "Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here .....
Vaders, moenie jul kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here".

*Gepaste gehoorsaamheid* Gehoorsaamheid om Christus wil. Daarom onvoorwaardelik. Nie teen wil en dank, nie nadat eers gevra is waarom, en ook nie nadat gehoorsaamheid gekoop is met beloning nie.

### 8.4.3 Geduld met swakhede en gebreke

Christus stel volmaakte voorbeeld – aan aardse ouers onderdanig. (Vgl. Roomse leer van sondeloosheid van Maria – en haar moeder? ) Ouers is sondige mense – swaar toets vir gehoorsaamheid om met hul gebreke geduld te hê. Dis toets vir eerbied, liefde en trou. Dis God-gewilde eis. Daarom! Natuurlik geen vrybrief vir ouers om in swakhede te volhard.

Bybel ken vbb. van sondige vader en owerhede: Noag en talle konings van Israel.
Ouers maai dikwels wat hul gesaai het.
Belangrikheid van korrekte optrede in geval van kinders met probleemouers en omgekeerd.
Steeds op Christus wys – sy verhouding met sy Vader – om Vader te eer – laat u wil geskied.

## 8.5 SEëN VAN GEHOORSAAMHEID

Ef. 6:2 – Vyfde gebod – eerste gebod met 'n belofte. Belofte word bygevoeg "om ons daardeur te meer te laat verstaan hoe aangenaam die onderdanigheid wat hier beveel word, in die oë van God is" (Calvyn). God kan ook gehoorsaamheid eis sonder belofte van beloning. Dis daad van opvoedkundige liefde.

Formulering suiwer O.T.ies ... sodat jou dae verleng mag word in land wat

die Here aan jou gee. Hier word Beloofde Land bedoel.

In O.T. vorm uitdrukking van algemeen geldende lewenswet: Gehoorsaamheid , reeds ingeskerp in ouerhuis, bring orde en rus in samelewing. Wanneer ongehoorsaamheid in ouerhuise heers, onrus, staking, opstand, revolusie in samelewing. Dan kom vyande land binneval.
*Vraag:* wat is toekoms van 'n land ? Hang af van vraag:
Wat gebeur in ouerhuise?
Permissiwiteit in ouerhuis is saad.
Revolusie in wêreld is oes.
Belofte ook van toepassing op hemelse vaderland, koninkryk van hemele.
Genieting van wynstok en vyeboom sakramenteel van ewige heilsgoedere van genadeverbond. Kanaän is vir Israel teken en seël van komende heerlikheid.
Deur Jesus se volmaakte borgtogtelike gehoorsaamheid sprake van 'n Vaderhuis met baie wonings.
Seën van gehoorsaamheid: burgerskap in hemele.
Seën van gehoorsaamheid gesmaak langs weg van geloofsgehoorsaamheid.

# 9. DIE SESDE GEBOD

## 9.1 INLEIDING

Vyfde gebod was oorgang tussen twee tafels.
Sesde tot tiende het betrekking op menslike samelewing.
Vier hoofsake: die lewe, die huwelik, die eiendom en naam van naaste.
Parallelie met eerste tafel:
eerste en sesde – bestaan van God en naaste.
tweede, sewende en agtste – versinneliking jeens God en naaste.
derde en negende – Naam van God en naaste.

By ses tot tien word gehandel oor: *dade* (ses, sewe en agt), *woorde* (nege) gesindheid van *hart* (tien). Dit wys daarop dat by behandeling van hierdie gebooie die daad en die gesindheid van die hart nie geskei mag word nie en dat etiek nie soos regsleer hom tot die uitwendige daad moet bepaal nie maar ook moet deurdring tot gesindhede wat in wet gebied of verbied word.
Sake wat behandel word:

Eksegese
Negatiewe sy
Positiewe sy.

## 9.2 EKSEGESE

Sowel in Ex. 20 as Deut. 5 lui gebod: ***Jy mag nie doodslaan nie.*** Werkwoord vir doodslaan nooit van dier, steeds van mense gebruik.
Hier word gedui op ***wederregtelike doodmaak*** van medemens – uit moordlus, met opset en voorbedagte rade.
Sesde gebod (net soos ander) is ***sinekdogee*** – verbied dus ook alle ander sondes in verband met doodslag.

***Goddelike ratio*** vir gebod: Gen. 9:6 "Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak". "God het gewil dat oorblyfsels van sy beeld wat nog in mens skitter, op prys gestel sal word en dat almal sou voel dat mensemoord heiligskennis is" (Calvyn).
***Verbod impliseer ook gebod*** om lief te hê en met dade te bewys. Gebod rig hom op sinlike – soveel te meer op geestelike – geen liggaamlike moord .. nog veel minder geestelike moord. In Matth. 5:21-26 gee ***Christus*** nie 'n nuwe wet nie maar gaan in teen verdraaiing van sesde gebod. T.o. legaliteit – moraliteit. In 1 Joh. 3:15 blyk dat vir die geestelike wetgewer die haat doodslag is.

## 9.3 NEGATIEWE SY

### 9.3.1 Verbode dade

By die uitwendige daad van doodslag is juridiese en sedelike nog verstrengel – albei verbied dit.
Hierbuite val die deur God self gebode handelinge om sonde te stuit: ***oorlog, doodstraf*** en ***selfverdediging.***
Alleen defensiewe ***oorlog*** is geoorloof. Oorlog is so geregverdigde hantering van swaardmag deur owerheid om kwaaddoeners te straf – Rom. 13. Vgl. Etiek van oorlog (Polemologie).
***Doodstraf*** – gegrond in Gen. 9:6 en Rom. 13:4.
***Selfverdediging*** Gegrond op feit dat mens geskape is na God se beeld.

#### *9.3.1.1 Doodslag en moord*

***Doodslag*** is handeling waardeur iemand opsetlik van sy lewe beroof word.
***Moord*** is handelingwaardeur iemand opsetlik en met voorbedagte rade van sy lewe beroof word. Alle moord is doodslag maar nie alle doodslag is moord nie. Verskil tussen doodslag en moord in praktyk nie altyd maklik aanwysbaar. In Israel se strafreg word doodslag volgens Ex. 21:14 en Deut. 19:11-13 met doodstraf gestraf. In genoemde tekste is sprake van moedswillig teen naaste handel om hom met lis dood te maak. Maar dis geen doodslag wanneer 'n mens onopsetlik oorsaak word van iemand se dood: "hy wat saam met sy naaste in die bos gaan om hout te kap, en die yster glip van die steel af en

tref sy naaste sodat hy sterwe – hy moet in een van hierdie stede (die vrystede) vlug om in die lewe te bly" (Deut. 19:5).
Daar kan egter ook skuldige nalatigheid of onversigtigheid wees wat juridies en eties strafbaar is – bv. 'n huis moes 'n leuning om sy platdak hê sodat "jy geen bloedskuld op jou huis bring as iemand afval nie" (Deut. 22:8).

*9.3.1.2 Selfmoord*

Selfmoord is alle opsetlike, voorbedagte berowing van die eie lewe.
Maar ook dade waardeur sonder sedelike noodsaak die eie lewe in gevaar gebring word, word deur sesde gebod verbied. Ook moedswillige verwaarlosing van gesondheid, ook deur teennatuurlike lewenswyse.
Waarom is selfmoord sonde?
*Eerstens:* Mens geskape na beeld van God (Gen. 9:6).
*Tweedens:* Mens mag die taak waartoe God jou roep, nie eiewillig beëindig nie.
*Derdens:* Mens mag lewe wat hy homself nie gegee het nie maar van God as gawe ontvang het, nie vernietig nie.
Voorbeelde van selfmoord in Skrif: Abimeleg, Rigt. 9:5; Saul, 1 Sam. 31:4; Agitofel, 2 Sam. 17:23; Judas Iskariot, Matth. 27:5.
Vraag of selfmoordenaar ook salig kan word. Oorweginge: Alle sonde eis ewige straf. Maar onderskei tussen sonde en sondaar. Vraag is of selfmoordenaar moedswillig en opsetlik gehandel het of moontlik uit geestesversteurdheid. As Christus moordenaar aan kruis kon red, kan Hy ook selfmoordenaar red. Wie weet wat in selfmoordenaar omgegaan het? Ook moet rekening gehou word met vorige lewenswandel van selfmoordenaar – was hy 'n gelowige of 'n ongelowige? By toename van selfmoord in moderne samelewing moet steeds gewaarsku word: selfmoord is sonde.
Verskillend van selfmoord is dood ten gevolge van heldedade om ander se lewe te red of om eer van God te handhaaf. Voorbeelde: Simson wat eie lewe neem, Christelike martelare, doodsveragting in oorlogstyd ter wille van behoud van ander lewens, geneeshere, verpleegsters en predikante wat in uitvoering van hul roeping pasiënte/lidmate met besmetlike siektes besoek en versorg.
Anders is dit gesteld met mense wat hulself moedswillig in gevaar begewe sonder sedelike noodsaaklikheid – vgl. sekere sportsoorte: boks, renmotors, koorddans.
Hieronder ook alkoholisme, dwelmverslawing, verwaarlosing van gesondheid.
By sommige gewetensbeswaar teen gebruik van medisyne en ander middele van mediese wetenskap bv. inenting.

9.3.2 Verbode woorde, gebare, gedagtes of emosies:

Agter lewensberowing as daadsonde teen sesde gebod lê uiting van hierdie sonde in woorde en gebare. Verder deurdringend word hierdie sonde eerste

in die gedagte gevind en ten diepste op terrein van gemoedbeweginge: nyd, haat, toorn, wraak. Dus vierderlei: woord, gebaar, gedagte, emosie.

*9.3.2.1 Woorde:*

Mag van tong – soos bomskerwe wat verwoesting saai. "Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtigheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek" (Jak. 3:6 Vgl. die hele Jak. 3). Vervloeking, beswaddering en lastering van medemens deur tong is so goed as moord.

*9.3.2.2 Gebare:*

Mens kan iemand met jou oë vermoor en met gelaatsuitdrukking! Gebaretaal, vuis wys, met oog knip. Uitlag, bespotlik voorstel.

*9.3.2.3 Gedagtes:*

Van die meer uitwendige, liggaamlike handeling nou indring na geestelike: Hoeveel moorde word daar in die gedagtes gepleeg! Onuitgesproke wens: As hy/sy liewer dood was!

*9.3.2.4 Emosies:*

Nog dieper as gedagtes. Gesindhede en begeertes van hart: wraak, toorn, haat, nyd. Heidelbergse Kategismus noem dit: wortels van die doodslag (Sondag 40). Vgl. volgende punt.

**9.3.3 Wortels van doodslag:**

*9.3.3.1 Wraak:*

Wraak as bestraffing van ongeregtigheid is as sodanig 'n ordinansie van God. Onreg moet geboet word met straf wat gelyk staan aan misdaad: bloed vir bloed, oog vir oog, tand vir tand, lewe vir lewe. Daarom word God genoem "God van wraak" (Ps. 94:1). Wraak dus eie aan God – nie in haatlike sin van woord maar om vergelding van kwaad. Kruisdood van Christus is om die geskonde reg van God en die majesteitskennis te herstel. Wraak is *argetipies* van God = oorspronklik eie aan God.
Wraak word *ektipies* aan owerheid opgedra. "Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak" (Gen. 9:6). En "hy (die owerheid) is 'n dienaar van God jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n *wreker* om die een wat kwaad doen, te straf" (Rom. 13:4).
Wraak dus nie op sigself verkeerd nie. Inteendeel, mens sonder wraaksug, dus vergeldingsug, is sonder regsgevoel. Dus, nie kwaad "filosofies beskou", nie

kwaad op Boeddhistiese wyse maar sluk nie, nie verslapping van regsgevoel, nie vals irenies wees of gemis aan krag tot sedelike beoordeling is korrek nie. Korrek is dat kwaad gestraf word met 'n straf gelyk aan misdaad. Vgl. embleem van reg: geblinddoekte vrou met weegskaal in hand.
Daar is egter *goeie* en *slegte* wraaksug.

*Goeie wraaksug:* sien in alle misdade van mense (ook die wat hulle jou aandoen) eerstens die geskonde reg van God, en laat daarom die wraak aan Hom, die hoogste Regter oor. Vergelyk optrede van Christus "wat toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel" (1Pet. 2:23). Vergelyk die herhaalde uitspraak van Godself: "My kom die wraak toe" (Deut. 32:35; Rom. 12:19; Hebr. 10:30). Gebed van siele van martelare onder altaar: "Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? " (Openb. 6:10).
*Slegte wraaksug:* is nie ontsteld oor skending van God se eer en reg nie maar sien alleen eie-ek raak. Omdat handeling vir eie persoon onaangenaam is, wil mens iets onaangenaams terugdoen. Eie reg soek, beteken om nie God se reg te soek nie – behalwe wanneer die eie saak ook God se saak is. Dit is *saaksgeregtigheid:* wanneer God se saak ons saak is en ons saak God se saak. Waar saaksgeregtigheid ontbreek, is wraaksug sondig omdat mens toornig is, nie oor God se geskonde reg nie, maar bitterheid het omdat 'n medesondaar ons reg geskend het, ons persoon beledig of te na gekom het – en dit terwyl ons almal God se reg geskend, sy Persoon beledig, sy eer te na gekom het! Erger nog word dit wanneer onheilige wraaklus tot wraaksugtige woorde en dade lei en die mens die reg in eie hande neem. Dus, nie heilige, maar onheilige wraaklus word in sesde gebod verbied.

*9.3.3.2 Toorn:*

Net soos met wraak. Ook *argetipies* in Wese van God gegrond. Toorn van God is sy gekrenkte heiligheid. Mens na beeld van God geskape het dus ook heilige toorn. So by Jesus. "Nadat Hy (Jesus) hulle rondom met toorn aangekyk het ..." (Mark, 3:5). So by Moses toe hy sien Isr. het goue kalf gemaak. (Ex. 32:19). Jesus en Moses se toorn het nie oor hul eie geskonde heiligheid gegaan nie, maar oor die geskonde heiligheid van God. Dis heilige toorn. Daarteenoor ook onheilige toorn. Wanneer ons eie geskonde reg losgemaak is van God se reg, terwyl onsself ook skenders van God se reg is, is ons toorn onheilig. Kategismus noem dit 'n wortel van doodslag. "Alle bitterheid en woede en *toorn* en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid." (Ef. 4:31).

*9.3.3.3 Haat:*

Haat is die wens dat iets nie bestaan nie. Daar is ook heilige en onheilige haat. Heilige haat rig hom teen sonde en is in liefdevolle Wese van God gegrond.

Van God word gesê: "U haat al die werkers van ongeregtigheid" (Ps. 5:6). Heilige haat teen sonde is wens dat sonde uitgeroei word.
Onheilige haat wil medemens wat na beeld van God geskape is, uit weg ruim. "Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar ... As iemand sê: Ek het God lief en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? " (1 Joh. 3:15 en 4:20).

*9.3.3.4 Nyd:*

In Hebreeus word nyd, naywer, jaloesie met dieselfde woord aangedui. God heet El-Kana, jaloerse God (Ex. 20:5; 34:14). Nyd by God is ywer van die liefde. Dit word in God opgewek teen sy volk wanneer hulle ander gode dien. Dit is argetipiese van heilige ywer by mense teen diegene wat God se reg krenk. Heilige ywer kan omslaan en hom rig teen persoon, nie omdat hy God se reg krenk nie maar die mens se reg. Daar is tweërlei nyd: die beny van die eiendom van 'n persoon – dan is dit oortreding van sewende, agste of negende gebod, en nyd jeens persoon self, dan is dit oortreding van sesde gebod.

## 9.4 POSITIEWE SY

Negatiewe eis het gevoer van die daad van doodslag na die wortel van doodslag. Positiewe eis van sesde gebod: naaste liefhê soos jouself (Lev. 19:18, Matth. 22:39).
Toevoeging "soos jouself" stel as analogie van naasteliefde die eieliefde. Positiewe sy sluit in: eie-liefde, naasteliefde, vyandsliefde.

### 9.4.1 Eie-liefde:

Eie-liefde, van selfsug te onderskei, is op sigself nie afkeurenswaardig nie. 'n Mens self is immers ook beeld van God. Om te volhard in jou bestaan so lank as moontlik, is nie alleen natuurlik nie, 'n mens moet dit ook om God se ontwil doen. Hy is Gewer van lewe en dit mag nie verwaarloos of verwerp word nie.
Die eie-liefde ontaard maklik in selfsug. Dit is wat Jesus op oog het as Hy verklaar: "Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar tot die ewige lewe" (Joh. 12:25).

### 9.4.2 Naasteliefde:

Eie-liefde kom spontaan. Naasteliefde is moeilik. Ons is van nature geneigd om (God en) ons naaste te haat" (Heidelbergse Kategismus, Sondag 2). Naasteliefde moet suiwer ektipies, d.i. na analogie van God se argetipiese liefde, beskou word. Naaste moet liefgehê word ten diepste omdat hy na beeld van God geskape is. Wie is naaste? Alle mense met wie jy in aanraking kom. Naasteliefde is vrug van Heilige Gees (Gal. 5:22, Vgl. 1 Kor. 13.)

**9.4.3 Vyandsliefde:**

Word reeds al in O.T. beveel. "As jy jou vyand se bees of esel teëkom wat ronddwaal, moet jy dit sekerlik vir hom terugbring. As jy jou vyand se esel onder sy pak sien lê, moet jy dit nie onverskillig aan hom oorlaat nie: jy moet dit sekerlik saam met hom aflaai" (Ex. 23:4,5). "As jou vyand honger het, gee hom brood om te eet; en as hy dors het, gee hom water om te drink" (Spreuke 25:21). Nog veel duideliker in N.T. "Julle moet julle vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg" (Matth. 5:44).

# 10. DIE SEWENDE GEBOD

## 10.1 INLEIDING

God waak in sy gebooie nie alleen oor ons lewe (sesde gebod) maar ook oor mooiste verhouding in lewe, nl. huwelik, liefdeslewe. God is liefde (1 Joh. 4:8) Sy verhouding tot sy volk afgebeeld in verhouding tussen man en vrou – daarom moet dit geheilig wees tot eer van sy Naam. Sake vir behandeling:

Eksegese
Positiewe sy van sewende gebod
Negatiewe sy van sewende gebod
Egskeidingsgrond.

## 10.2 EKSEGESE

Gelykluidend in *Ex. 20:14* en *Deut. 5:17* – "Jy mag nie egbreek nie." *Egbreuk* is in O.T. seksuele omgang met vrou of verloofde van 'n ander man. Beide skuldige man en vrou is met dood gestraf – steniging (Deut. 22:21; Joh. 8:5,7) vroeër ook deur verbranding (Gen. 38:24). Beledigde eggenoot kon egter, om sy vrou te spaar, 'n skeibrief gee,dan was vrou vry – vgl. Matth. 1:19. Omgang tussen getroude man en ongetroude vrou het in Israel nie as egbreuk gegeld nie – as gevolg van *poligamie.*
*Monogamie* is egter ordinansie van God (Matth. 19:4; Ef. 5:31).
*Sinekdogee* – egbreuk word genoem – alle onkuisheid word verbied. Daarom moet by verklaring van sewende gebod nie van huwelik uitgegaan word nie maar van kuisheid – mens is na liggaam en siel tempel van Heilige Gees (1 Kor. 3:16). Daarom liggaam en siel heilig bewaar.
*Negatiewe* vorm waarin gebod gegee is, impliseer ook *positiewe* sy – heiliging van siel en liggaam.

*Christus* dring in Bergrede deur van uitwendige daad van egskeiding na innerlike begeerte van hart: "Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. (Matth. 5:28).

## 10.3 POSITIEWE SY

### 10.3.1 Die begrip kuisheid-

Kuis is afgelei van Middel-Nederlands *cush* = welvoeglik, sober, matig, fatsoenlik, eerbaar, nie vuil nie. N.T. gebruik Griekse woord hagnos – word in Afr. vertaal met *rein.* Grondbetekenis van hagnos – aan God gewy; daarom rein, suiwer, onbevlek. So in 2 Kor. 6:6 en 11:2.
*Amesius:* kuisheid is skaamtegevoel en eerbaarheid.
*Spreekwoord:* Skaamtegevoel het in wêreld gekom op sterfdag van onskuld.

### 10.3.2 Rede vir kuisheid

"Omdat ons liggaam en siel tempels is van die Heilige Gees, daarom wil Hy dat ons altwee suiwer en heilig moet bewaar" – H. Kategismus, Vraag 108.
"Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle" (1 Kor. 3:16,17).
Wie met liggaam en siel aan Jesus Christus behoort, word deur die H. Gees van harte gewillig en bereid gemaak om vir Hom te lewe.
"Wees heilig, want Ek is heilig". (Lev. 11:44).

### 10.3.3 Kuisheid en die huwelik

In skepping gee God verskil tussen man en vrou. Daarmee gee God ook geslagtelikheid – dis 'n gawe van God aan die mens. Geslagtelikheid mag kragtens skeppingsordinansie van God bevrediging vind in monogame huwelik. Geslagtelikheid dus nie sonde nie – dis goeie gawe van God wat met danksegging gebruik mag word.
Sondeval het hierin groot verwoesting gebring. So asof Bose een van sy frontaanvalle hier loods. Gevolge – onkuisheid. "Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in die wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand" (Rom. 1:26,27).
Monogame huwelik bly ordinansie van God onder meer om onkuisheid teë te gaan.
Sewende gebod geld nie net getroudes nie maar ook ongetroudes. "Kuis en ingetoë ... in huwelikstaat of daarbuite" (H.K. 41).

### 10.3.4 Kuisheid voor die huwelik

In jeugjare, veral gedurende puberteit, ontwaking van geslagsdrang. Op sigself

nie sonde nie – inteendeel, gawe van God. Kuisheid beteken dat ongetroude mens geslagsdrang beheer en nie daardeur oorheers word nie. Geen vooruitgrype op huweliksvoorregte. Liefdesverhouding voor huwelik, ook in tyd van verlowing, is nog geen huwelik. Saak van veel gebed – jongmense moet hul swakheid besef en krag put uit genade van God in Christus. Christus moet deelgenoot wees in verhouding van jongman en -meisie. Taak van ouers in geslagsvoorligting en huweliksopvoeding. Soektog na toekomstige lewensmaat geen vlinderagtige kontaksoekery. Oorhaastige verlowing en huwelik ewe verkeerd as te lankgerekte verhouding.

**10.3.5 Kuisheid in die huwelik**

Tweërlei: man en vrou teenoor mekaar en teenoor andere.

*10.3.5.1 Kuisheid van man en vrou teenoor mekaar:*

Huwelik mooiste gawe van God. Kan mens diep gelukkig maak en voorsmaak wees van hemel. Maar dit kan ook misluk en voorsmaak word van hel – wanneer onkuisheid intree. Huwelik geen vrypas om sinne te laat botvier nie. Ook binne huwelik kuis en ingetoë lewe. Verhouding tussen man en vrou een van diepste respek waarin strewe van elkeen is om ander een gelukkig te maak tot eer van God.

*10.3.5.2 Kuisheid van man en vrou teenoor andere*

Christus stel: "Elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg." (Matth 5:28). Dit geld van man sowel as vrou. In Huweliksformulier beloof man en vrou om mekaar *in alles trou* te bly. Alle flirtasie en buitehuwelikse verhoudinge deur getroudes word deur sewende gebod veroordeel. Vgl. Dawid en Batseba. Natan: U is die man.

## 10.4 NEGATIEWE SY

**10.4.1 Alle onkuisheid deur God vervloek**

So skerp stel H. Kat. dit in Sondag 41 met beroep op Lev. 18:28 – "Laat die land julle dan nie uitspuug as julle dit verontreinig nie, soos dit die nasie uitgespuug het wat daar voor julle was." Geskiedenis het oor en oor bewys: korrupsie op sedelike gebied lei tot val en ondergang van beskawing. So met ou Oosterse volke, so met Israel, so met Grieke en Romeine, so met moderne volke.

10.4.2 Alle onkuisheid deur God verbied.

H. Kat. noem alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei. Onoorsienbare veld van afwykinge op seksuele gebied. Alle buite-egtelike geslagsverkeer, prostitusie, homoseksualisme, porno-

grafie, onsedelike vermaaklikheid, vuil gesprekke, onbetaamlike blootstelling van liggaam, onsedelike gedagtes en luste *en wat die mens daartoe kan verlei.*
'n Paar Skrifuitsprake:

*Ef. 5:3,5:* "Maar hoerery en allerhande onreinheid ... moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam ... Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine ... 'n erfdeel het in die koninkryk van God nie."

*1 Kor. 6:18,19,20:* "Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam. Of weet hulle nie dat jul liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julleself behoort nie. Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort."

10.4.3 Daarom moet ons vyande van onkuisheid wees

Kategismus: "dat ons daarom *van harte* vyande daarvan moet wees". Kom aan op gesindheid van hart. Christen moet dodelike haat koester teenoor onsedelikheid want onsedelikheid bedreig sy *lewe* en wil hom in *hel* laat beland. Dit blyk uit waarskuwinge in Spreuke 5; 6:20-35 en 7. Wie hom oorgee aan ontug, "hy sal sterf deur gebrek aan tug" (Spreuke 5:23). Wie agter ontugtige vrou aangaan, "hy loop skielik agter haar aan soos 'n bees wat na die slagpaal gaan, en soos voetboeie wat dien tot tugtiging van die sot, totdat die pyl sy lewer splits; soos 'n voël haastig na die vangnet vlieg – sonder om te weet dat dit ten koste van sy lewe is ... Laat jou hart nie afwyk na haar weë nie, dwaal nie rond op haar paaie nie. Want baie is die gesneuweldes wat sy laat val het, en talryk almal wat deur haar vermoor is. Haar huis is weë na die doderyk, wat afdwaal na die kamers van die dood" (Spreuke 7:22-27).
Beste wapen in hierdie stryd: nie aanval nie maar padgee, vlug!

*Voorbeelde:* Josef en vrou van Potifar – Gen. 39:12 – "Maar hy het .. gevlug en na buite geloop."
Spr. 5:8: "Hou jou ver weg van haar af, en kom nie naby die deur van haar huis nie."
2 Tim. 2:22 – "Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid."

## 10.5 EGSKEIDINGSGROND

Volgens *Liberalisme* is huwelik niks meer as kontrak tussen twee mense – kan om enige rede weer verbreek word. So gebeur dit tans in wêreld.
Volgens *Rome* is huwelik 'n sakrament en mag nooit verbreek word nie.
Volgens *Gereformeerdes* is huwelik 'n heilige verbond, deur God ingestel en

onverbreekbaar behalwe op een grond nl. owerspel. Hierdie standpunt gebaseer op uitdruklike uitsprake van Christus. By verklaring van sewende gebod sê Hy in Bergrede: "Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeide vrou trou, pleeg egbreuk" (Matth. 5:32). Hierdie uitspraak word in Jesus se antwoord op die vraag oor skeibrief herhaal (Matth. 19:9).
Vir Gereformeerde Etiek is daar dus op Bybelse grond net die een grond vir egskeiding toelaatbaar, nl. owerspel.
Landswet erken, strydig hiermee, ook kwaadwillige verlating, kranksinnigheid gewoonte- misdadigheid.

## 11. DIE AGTSTE GEBOD

### 11.1 INLEIDING

In sesde gebod word ons *lewe* beskerm, en sewende ons *liefdeslewe*, in agtste ons *besittings*.

Sake vir behandeling:
Eksegese
Hoe ons eiendom moet beskou
Hoe ons eiendom moet bekom.
Hoe ons eiendom moet bestee.

### 11.2 EKSEGESE

*Gelykluidend* in Ex. 20:15 en Deut. 5:17: "Jy mag nie steel nie."
*Steel beteken:* heimlik 'n ander se eiendom wegneem met die doel om dit vir jouself toe te eien.
*Sinekdogee* soos by ander gebooie: deel vir die geheel. Deur diefstal te verbied word alle aanranding (stoflik sowel as geestelik) van ander se eiendom verbied. Ook begeerte.
*Negatiewe* impliseer *positiewe:* eerbiediging van naaste se eiendom en bevordering van sy stoflike belange.
*Liefde ook grondslag* van hierdie gebod: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen" (Matt. 7:12). Vgl. soortgelyke uitspraak in Luk. 6:31.

### 11.3 HOE ONS EIENDOM MOET BESKOU

### 11.3.1 Hoe ons eiendom nie moet beskou nie

*11.3.1.1 Sosialiste en Kommuniste:* eiendom is diefstal. Vgl. Proudhon en Marx. Eerste man wat grond afgekamp het, was misdadiger. Vir Kommunisme selfs beroep gedoen op Hand. 4:32 – "En die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie, maar hulle het alles in gemeenskap gehad". Hierdie "kommunisme" was egter vrywillig en nie deur staat opgelê. Almal het nie alles verkoop nie – moeder van Johannes Markus het haar huis behou! Hierdie "Kommunisme" is deur geen ander gemeente nagevolg nie. Dit was klaarblyklik oorsaak dat Jerusalemse gemeente so verarm het dat later in ander gemeentes gekollekteer moes word vir Jerusalem.

*11.3.1.2 Spiritualiste, geesdrywers* – minag alle besit. Volgens hulle is rykdom sonde – vgl. Ebioniete.
Daarteenoor: talle voorbeelde van ryk gelowiges in Bybel. Abraham, Job, Salomo, Josef van Arimathea, Lidia die purperverkoopster.
Beroep op Jesus se bevel aan ryk jongman : "Gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes" (Matth. 19:21) gaan nie op nie: Jesus gee hierdie bevel aan 'n besondere man onder besondere omstandighede. Dit is dus nie 'n algemeengeldende wet wat Hy neerlê vir alle gelowiges nie.
Uitspraak van Jesus in Matth. 19:24 dat dit makliker is vir 'n kameel om deur 'n naald se oog te gaan as vir 'n ryk man om die koninkryk van hemele in te gaan, moet gelees word teen agtergrond van Jesus se gelykenis van ryk dwaas: "So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie" (Luk. 12:21). Kwaad sit nie in goed wat vergader word nie maar in "nie ryk wees in God nie." Gesindheid van hart.
Dus: besittings is goeie gawes van God wat met danksegging gebruik moet word.

*11.3.1.3 Kapitaliste*

Beskou eiendom as een en al. In oorlog van almal teen almal vergader elkeen soveel as hy kan, vir homself, maak nie saak of ander gebrek ly nie. Hieragter sit: materialisme, stofaanbidding. Daarteenoor stel Jesus: "Julle kan nie God en Mammon dien nie" (Matth 6:24). Hierdie gevaar nie denkbeeldig in moderne Westerse beskawing. Vgl. kultus van statussimbole.

### 11.3.2 Hoe ons eiendom wel moet beskou

God is Absolute Eienaar van alle dinge. Dit berus in sy Skepping en Koningskap. Psalm 24:1 – "Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon". God stel ons aan as sy rentmeesters wat in sy Naam oor sy besittinge heerskappy moet voer.
Onderksei: *eiendomsreg* en *besitsreg*.
Eiendomsreg het God alleen.

Mens het besitsreg.
Eienaar is altyd besitter, maar besitter is nie altyd eienaar. Mens dus ten opsigte van stoflike wêreld aan God verantwoording verskuldig. Dit geld wyse waarop hy eiendom bekom, besit, bestee.

## 11.4 HOE ONS BESITTINGS MOET BEKOM

### 11.4.1 Hoe ons besittings nie moet bekom nie

*11.4.1.1 Diefstal en roof in growwe vorm*

Diefstal is iets wegneem sonder medewete van besitter. Roof is iets wegneem met geweld. Dit is diefstal in growwe vorm en word deur owerheid gestraf.

*11.4.1.2 Diefstal in fyner vorm*

Dit kan geskied deur geweld, bv. onderdrukking van armes, weduwees, wese, of selfs deur oorheersing van een land deur 'n ander. Vgl. Imperialisme.

*11.4.1.3 Diefstal met skyn van reg*

Deur middel van valse munt, gewig, maat, ware, woeker, bv. deur te hoë winsgrens of rentekoers.

*11.4.1.4 Enige ander middel deur God verbode*

By bogenoemdes noem H.K. "enige ander middel deur God verbode". Arglistige hart van mens het talle weë bedink: ontduiking van belasting, valse opgawe van inkomste, te lae lone, rekenings te lank laat wag voor vereffening, leuenagtige reklame, dagdiewery.

### 11.4.2 Hoe ons besittings wel moet bekom

H.K.: "dat ek getrou moet arbei". Bevel: "In die sweet van jou aangesig sal jy jou brood eet totdat jy terugkeer na die aarde" (Gen. 3:19). Deur Christus se opstanding uit die dode is hierdie vloek in 'n seën verander: "Daarom ... wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid nie tevergeefs is in die Here nie" (1 Kor. 15:58).
Deur eerlike, harde werk elke dag – nie soos slawe nie, want Christus het vloek gedra, maar soos Koningskinders. Vgl. verklaring van bede : "Laat u wil geskied" – dat elkeen sy amp en beroep so gewillig en getrou moet beoefen as wat die engele in die hemel dit doen. Wie sy arbeid as Goddelike roeping sien, ontvang sy inkomste as gawe van God.

## 11.5 HOE ONS BESITTINGS MOET BESTEE

### 11.5.1 Hoe ons dit nie moet bestee nie

*11.5.1.1 Gierigheid*

Gierigaard beskou besittings as sy onvervreembare eiendom. Misken God se Eienaarskap en beskou homself as absolute eienaar.

*11.5.2.2 Misbruik of verkwisting*

Waardeer nie besittings as gawes van God nie maar gee dit aan verwaarlosing prys. Kan agterna nie rekenskap gee van wat met God se besittings gedoen is nie. Gronderosie en roofbou. Pragtig die voorbeeld van Jesus: vermeerder brood sodat almal oorvloedig eet – daarna word alles wat oorgeskiet het, in mandjies bymekaargemaak sodat niks verlore gaan nie!

### 11.5.2 Hoe ons dit wel moet bestee

*11.5.2.1 My naaste se belange waar ek kan en mag, moet bevorder*

Ons naaste liefhê soos onsself. So graag as ons onsself met God se gawes versorg, soseer ook omsien na ons naaste. Dus 'n altruïstiese gesindheid t.o.v. God se gawes wat aan ons toevertrou is. Rede: God het ons sy Seun gegee – wat gee ons aan ons naaste?

*11.5.2.2 Met my naaste so handel as wat ek sou wens dat die mense met my moet handel*

wêreldse standpunt: betaal terug in gelyke munt!
Jesus: "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen" (Matt. 7:12).

*11.5.2.3 Getrou moet arbei sodat ek behoeftiges kan help*

Ledigheid is duiwel se oorkussing. Daardeur verarm die mens. "As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie" (2 Thess. 3:10). Luiaard het weldra vir eie lewensonderhoud niks, en vanselfsprekend niks vir minderbevoorregtes. Daarteenoor stel vlytige arbeid in staat om minderbevoorregtes te help. "Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het" (Ef. 4:28).

# 12. DIE NEGENDE GEBOD

## 12.1 INLEIDING

In aansluiting by vorige drie gebooie wat resp. ons *lewe, liefdeslewe* en *besittings* beskerm, kom in negende gebod beskerming van ons *naam* aan orde. Ons *naam* en ons *persoon* is een – ons naam is identies met die *dunk* wat samelewing van ons het.
Opvallende *parallelisme* met derde gebod.
"'n Goeie naam is beter as goeie olie" (Pred. 7:1).
Sake vir behandeling:

Eksegese.
Geestelike agtergrond van negende gebod.
Negatiewe sy.
Positiewe sy.

## 12.2 EKSEGESE

Letterlik: Jy mag geen valse getuienis *antwoord* teen jou naaste nie – nl. wanneer jy daarom gevra word. Gaan hier oor regspraak – valse getuienis in hof dus hoofsaak wat hier verbied word.
Kragtens *sinekdogeïese* karakter van gebooie word alle sondes in verband met valse getuienis verbied.
*Verbod* op valse getuienis impliseer *gebod* tot waarheid spreek en bely.

## 12.3 GEESTELIKE AGTERGROND VAN NEGENDE GEBOD

### 12.3.1 Waarheid deur God gegee

God is *God van waarheid.* Paulus noem Hom "God wat nie kan lieg nie" (Titus 1:2). Johannes: "God is lig en in Hom is geen duisternis nie." (1 Joh. 1:5).
Oorspronklike skepping was sonder leuen – alle relasies was afspieëling van waarheid van God. Soos 'n juweel het skepping met talle glansvlakke die deugde van God laat uitskitter: sy waarheid, goedheid, liefde, heiligheid, ens.
Aan hoof van skepping het God die mens gestel met vermoë om openbaring van God in skepping denkend te deurvors en God se ewige gedagtes wat in skepping beliggaam is, na te dink en in alle handelinge waarheid te ken en te spreek.

### 12.3.2 Waarheid deur Satan verwoes.

As gevolg van sondeval in engelewêreld het teenoor ryk van God die ryk van die leuen te staan gekom met Satan aan die hoof, die "vader van die leuen"

(Joh. 8:44). Van hom geld wat Jesaja (5:20) van die goddelose skrywe: "Hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter."
Satan is vergestalting van leuen.
Paradysverhaal is illustrasie daarvan: "Is dit ook so dat God gesê het ...? " (Gen. 3:1). En "Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken" (Gen. 3:4,5).
Vgl. Versoeking van Christus deur Satan: "As U die Seun van God is ... As U my dan aanbid ... As U die Seun van God is" (Luk. 4:3,7,9). Origens speel duiwel veelal agtergrondrol in geskiedenis – gaan incognito deur wêreld en is gelukkigste as mense glo hy bestaan nie sodat hy sy verwoestingswerk ongemerk kan doen.
In Openbaring 12 en 13 tree hy egter finaal op voorgrond in gestalte van drie diere: Draak, (Satan self), dier wat uit die see opkom (Antichris) en dier wat uit aarde opkom (Valse profeet). Dan bereik leuenkultus skrikwekkende klimaks. Word uiteindelik in poel wat brand met vuur swawel gewerp (Openb. 20:10).

**12.3.3 Waarheid deur Christus herstel.**

Deur koms van Christus word ryk van waarheid op aarde herstel. Hy dien Homself aan as die Lig van die wêreld (Joh. 8:12; 9:5), "die weg en die *waarheid* en die lewe" (Joh. 14:6), en Hy gee aan sy gelowiges die belofte: "As julle in my Woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Joh. 8:31,32). Daartoe stuur Christus na sy hemelvaart die H. Gees, die Gees (Joh. 14:17;15:26;16:13) van waarheid wat ons in volle waarheid sal lei. Die Woord van God is die waarheid. Die reël van dankbaarheid waarlangs Christus ons na sy beeld wil vernuwe en ons in die waarheid wil herstel, is die negende gebod: "Jy mag geen valse getuienis spreek nie".

## 12.4 NEGATIEWE SY

**12.4.1 Teen iemand valse getuienis gee nie**

In Israel is iemand meermale geroep om getuienis af te lê – dit was ou regsreël dat "in die mond van twee of drie getuies elke woord sal vasstaan" (Matth. 18:16).
Valse getuienis het verreikende gevolge gehad: valse getuies het teen *Nabot* opgetree en dit het sy lewe gekos (1 Kon. 21:10). Valse getuies het teen *Jesus* opgetree en dit het sy lewe gekos (Matth. 26:59,60).
Wat by hofsitting geld, geld ook van daaglikse lewe wanneer ons om getuienis gevra word, want "'n leuenagtige getuie kom om" (Spreuke 21:28).

**12.4.2 Niemand se woorde verdraai nie**

Deur verdraaiing van iemand se woorde word aan hom bedoelinge toegedig wat hy nie het nie. So het getuies Jesus se woorde dat Hy die tempel van sy liggaam in drie dae sal oprig, verdraai en daarvan gemaak 'n woord van 'n tempelskender (Matth. 26:61). Salomo waarsku teen valse getuienis: "Valse lippe is vir die Here 'n gruwel" (Spreuke 12:22). Vgl. probleem van verdraaiing van woord in moderne kommunikasiewese: 'n verslag oor dieselfde politieke vergadering in twee verskillende koerante laat die spreker soms presies teenoorgestlede dinge sê. Noodsaaklikheid van Christelike Persetiek.

**12.4.3 Geen kwaadspreker of lasteraar mag wees nie**

Kwaadspreker is iemand wat agter sy naaste se rug slegte dinge oor hom vertel. Dit is nie noodwendig leuens nie. Maar dis ongeoorloof omdat daar dinge is wat wel waar is maar wat nie oorvertel behoort te word nie, want "die liefde bedek alles(1 Kor. 13:7).
'n *Lasteraar* is iemand wat opsetlik onwaarheid verbrei tot nadeel van sy naaste. Dit is nie alleen sedelik ongeoorloof nie maar ook strafbaar deur die landswet.
"Herinner hulle daaraan ... om niemand te belaster nie" (Titus 3:1,2). Deur lastertonge word menselewens verwoes, familiebande verbreek, samelewing ondraaglik gemaak, God onteer.

**12.4.4 Niemand ligvaardig oordeel of help veroordeel nie**

Voorbeelde van ligvaardig oordeel:
*Eli* wat aan die biddende Hanna vra: "Hoe lank wil jy jou soos 'n dronk mens gedra? Sit jou wyn van jou weg" (1 Sam. 1:14).
*Job se vriende:* In Job se ellende sê Bildad aan hom: "Sekerlik, so gaan dit met die wonings van die kwaaddoener en so met die plek van hom wat God nie ken nie (Job 18:21). Jesus waarsku in Bergrede: "Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word" (Matth 7:1,2).

**12.4.5 Alle lieg en bedrieg as die eie werke van die duiwel vermy**

Daar is drie verskillende soorte leuens.

*12.4.5.1 Skertsleuens*

Doel om medemens te vermaak. So in stories. (Vgl. boer wat S.J. du Toit se "Koningin van Skeba" vir soetkoek geëet het en agterna uitgevind het dis nie waarheid nie: met predikant wat so lieg, wil ek niks te doen hê nie.) Skertsleuens nie noodwendig sonde nie. Daarsonder sou kuns nie kon bestaan nie.

*12.4.5.2 Opsetlike leuens*

Bewuste kwaadwillige verdraaiing van waarheid of versinsel van onwaarheid. Dit word verbied in Lev. 19:11 – "Julle mag nie lieg nie." Voorbeeld daarvan: Ananias en Saffira oor die grondprys (Hand. 5). Hierdie soort leuen is die eie werk van die duiwel, die vader van die leuen (Joh. 8:44).

*12.4.5.3 Noodleuens*

Lieg uit nood bv. in oorlogstyd as vorm van krygslis om ander se lewe te spaar, of om ander teen skok of verdriet te beskerm – bv. geneesheer wat nie aan pasiënt sê dat hy kanker het nie, familie wat nie dadelik aan ernstige siek persoon sê dat sy kind in motorongeluk dood is nie, of weerhouding van waarheid aan kinders bv. oor geslagsaangeleenthede (storie van ooievaar). Roomse etiek staan op standpunt: doel heilig middel – dus noodleuen nie noodwendig verkeerd.
Ouere Gereformeerde ethici veroordeel noodleuen konsekwent. Tog moeilike vraagstuk – veral in lig van Skrifgegewens.
Voorbeelde:
***Abraham*** – vertel dat Sara nie sy vrou is nie maar sy suster (Gen. 12:11-20; 10:12). In lg. geval "sy is ook werklik my suster; sy is my vader se dogter, maar nie my moeder se dogter nie; en sy het my vrou geword." Dus ontkenning dat sy sy vrou is, is halwe waarheid.
***Isak*** – ontken dat Rebekka sy vrou is (Gen. 26:7).
***Jakob*** – God laat toe dat *Jakob* in die plek van Esau geseën word nadat hy Isak bedrieg het. (Gen. 27).
***Sifra en Pua*** –vroedvroue in Egipte wat nie Joodse seuntjies doodmaak nie en Farao 'n noodleuen vertel – en God het aan vroedvroue weldadigheid bewys (Ex. 2:19,20). Calvyn sê: "God het weldadigheid bewys nie omdat hulle gelieg het nie maar omdat hul aan volk van God 'n diens bewys het." Feit bly, God bewys aan hul weldadigheid *ondanks* leuen.
***Ragab*** – steek verspieders op dak weg en vertel aan koningsbodes dat hul reeds vertrek het. (Rigt. 2:4-6). Ragab word selfs onder geloofshelde genoem in Hebr. 11:31. Geesink verklaar: nie omdat sy 'n noodleuen vertel het nie maar omdat sy 'n diens aan God se volk bewys het. Probleem bly: sy word geseën *ondanks* noodleuen.
***Jael*** – vrou van Heber, die Keniet wat tentpen deur Sisera se slaap drywe nadat sy hom met noodleuen in tent ingelok het (Rigt. 4:18)..
***Vrou in Bahurim*** – steek Jonatan en Ahimaäs weg in put en antwoord Absalom se diensknegte: "Hulle het die watertjie deurgegaan" (2 Sam. 17:20). Skrif sê niks negatief hiervan.
In teorie kan die algemene stelling neergelê word: Noodleuen is sonde. Hierby moet egter rekening gehou word met verskynsel wat in Etiek genoem word: *Botsing van pligte.* Gebeursoms dat mens in situasie kom (as gevolg van gebroke, sondige werklikheid waarin ons woon en lewe) dat mens moet kies

tussen twee euwels – veral in oorlogstyd. Klassieke voorbeeld: twee skipbreukelinge in see en net een stuk wrakhout om aan vas te hou: moord is sonde en selfmoord ook. So by geneesheer wat by bevalling moet kies tussen lewe van moeder en kind. Was grootse tema van Griekse tragedie Antigone en Orestes: of sy vader ongewreek laat of sy moeder doodmaak. By botsings van pligte moet volgende oorweginge in gedagte gehou word:

*Eerstens: Christelike vryheid*

Christus maak gelowige vry van wet. Dus nie wetsvolbrenging maar geloof in Christus se volbragte gehoorsaamheid is weg tot geluksaligheid. Christus self het gesê: Wie sonder sonde is, laat hom die eerste klip gooi.

*Tweedens: Onderskeid tussen beginsel en norm*

Beginsel is in Woord van God en is onveranderlik. Norm is afgelei uit Woord van God en is situatief – daarom veranderlik.
Voorbeeld: Beginsel: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Norm: in oorlog moet jy naaste doodmaak anders is jy ongehoorsaam aan owerheid en verdien jy self doodstraf.
So in geval van leuen.
Beginsel: Jy mag geen valse getuienis gee nie. Leuen te alle tye sonde.
Maar in noodsituasie, Bv. oorlog, kan dit sonde word om waarheid te praat, as mense se lewens daardeur in gevaar kom.

*Derdens: Gewete*

Wie tussen twee euwels moet kies, moet veral let op gewete. Gewete = saam met God weet (conscience). Wie saam met God weet dat hy nie anders kon nie, het gemoedsrus, *mits hy liefde tot God voorrang gegee het bo liefde tot naaste.*

*Vierdens: Gesindheid van hart*

Wie tussen gebooie van God moet kies, en sodoende een moet oortree, moet dit doen met berou tot God. Bv. Wanneer 'n vrou van haar man skei omdat haar lewe en die van haar kinders in gevaar verkeer as sy dit nie doen nie, sal met droefheid tot God, skei. "Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie." (Ps. 51:19). So wanneer iemand in noodsituasie 'n noodleuen moet vertel ten einde bv. iemand se lewe te red.

## 12.5 POSITIEWE SY

### 12.5.1 Dat ek in die gereg en alle ander handelinge die waarheid moet liefhê, opreg spreek en bely

Kragtens *algemene genade* is daar onder mense nog 'n betreklike waarheidsin. Maar die waarheid om God se ontwil liefhê, omdat God die God van die waar-

heid is, daarvoor is ***besondere genade*** nodig. Alleen wedergebore hart kan deur God se genade die waarheid ter wille van God liefhê. Jesus getuig: "Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem (Joh. 18:37).

**12.5.2 My naaste se eer en goeie naam moet verdedig en bevorder**

'n Goeie naam is veel werd. Iemand kan alles in lewe verloor maar as hy sy goeie naam nog het, is hy nog menswaardig. Wie sy naam verloor, is bejammerenswaardig.
Dis ons roeping om eer en goeie naam van ons naaste te bevorder. Dit kan gedoen word deur goeie dinge oor naaste te sê en sy naam te verdedig as ander dit aanval.

# 13. DIE TIENDE GEBOD

## 13.1 INLEIDING

Tiende gebod is hoogtepunt en sluitsteen ı van God se Wet.
Sake vir behandeling:

Geestelike agtergrond
Eksegese
Negatiewe sy
Positiewe sy
Saamvatting

## 13.2 GEESTELIKE AGTERGROND

**13.2.1 Begeertelewe van mens**

Vorige gebooie gerig op uitwendige handeling. Tiende gerig op begeerte van hart.
Begeer – kern van ons sielsbestaan. Dieptesielkunde: hele lewe gerig en gestuur deur kompleks van drange, begeertes, luste, bv. drang na selfbeskerming, selfhandhawing, stryddrang, geslagsdrang, sosiale drang, drang na besittings ens.
Op sig self is hierdie drange nie verkeerd nie – God het mens daarmee geskape – na sy beeld en gelykenis!

### 13.2.2 Begeertelewe van God

God begeer ook . "Wat God se siel begeer, dit doen Hy" (Job. 23:13). In Ps. 68:17 en 132:13,14 word meegedeel dat God Sion as woonplek vir Hom begeer. Om te begeer is dus iets tipies Goddeliks. God begeer egter nooit ten koste van iemand anders nie omdat alles syne is.

### 13.2.3 Begeertelewe en sondeval

Na sondeval word begeertelewe van mens ontwrig. Begeerte word in baie gevalle opstand teen God en selfsug. Grootste verwoesting van sondeval vind hier plaas – en Satan weet dit. By sondeval wek hy Eva se begeerte op na verbode vrug, vestig haar aandag daarop dat verbode boom "'n lus was vir die oë, ja 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te kry" (Gen. 3:6). Sedertdien het Bose groot oorwinnings behaal deur aanslag op begeertelewe van mens: bv. Esau met pot lensiesop, Dawid met Batseba, Judas Iskariot met dertig silwerstukke, Demas met teenswoordige wêreld.

### 13.2.4 Begeertelewe en Christus

Satan toets self die Seun van God op punt van begeertelewe by versoeking in woestyn (Matth. 4:1-11). By eerste: drang na voedsel – sê vir hierdie klippe dat hul brode word; by twee, drang na mag, rykdom en eer – as U my aanbid sal al hierdie koninkryke aan U behoort; by derde, drang na prestasie – werp Uself van die tempel af neer. Christus het duiwel nie alleen weerstaan en oorwin nie maar Hom ook ontmasker: "Julle het die duiwel as vader en die *begeertes* van julle vader wil julle doen. Hy was mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan" (Joh. 8:44). Dus ook duiwel het 'n begeertelewe. Aan Kain sê God waarskuwend: "As jy nie goed doen nie – die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jý moet daaroor heers" (Gen. 4:7). Duiwel se begeerte is na jou. Sy begeerte is om mense te vermoor – hy is mensemoordenaar van begin af (Joh. 8:44).

### 13.2.5 Konfliksituasie: Slegte begeerte en wedergeboorte:

Hieruit ontstaan geweldige konfliksituasies. Mens se begeertelewe beland deur sondeval op hellende vlak weg van God af. Paulus: wat die vlees bedink, is vyandskap teen God (Rom. 8:7). Maar aan Kain sê God: jy moet daaroor heers. Hoe word hierdie heerskappy in mens se hart herstel? Deur werking van H. Gees, langs weg van wedergeboorte, dit is innerlike herskepping van mens, vernuwing na beeld van Christus. Wat die vlees bedink, is vyandskap teen God, "maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede" (Rom.8:6). Heilige Gees "open die hart wat gesluit is; Hy vermurf wat hard is; Hy besny wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe hoedanighede in en maak dat die wil wat dood was, lewend word; wat boos was, goed word; wat nie wou nie, nou inderdaad wil; wat wederspannig was, gehoorsaam word; Hy beweeg en ver-

sterk die wil, sodat dit soos 'n goeie boom vrugte van goeie werke kan voortbring" (Dordtse Leerreëls, III en IV, II).

### 13.2.6 Slawehuis en slawehuis

Pragtige betekenis van wetgewing wat sluit met tiende gebod: God het Israel uit Egiptiese slawehuis verlos. Tiende gebod waarsku hulle: pasop dat julle nie slawe word in die slawehuis van jul eie begeertes nie. Dit is 'n veel erger slawerny as die Egiptiese – dis slawerny van die hel in diens van mensemoordenaar!

## 13.3 EKSEGESE

*Verskillende formuleringe* In Ex. 20:17 – "Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie."
In Deut. 5:21 – "En jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie; en jy mag nie na jou naaste se huis hunker nie – na sy landerye of sy dienskneg of sy diensmaagd, sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie." Belangrik: Ex. 20 noem huis eerste Deut. 5 noem vrou eerste.
Vgl. Roomse indeling van wet: Neem eerste en tweede gebod saam (laat gewoonlik tweede gebod, beeldediens, weg) en deel tiende gebod in twee: Negende – jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; tiende jy mag nie jou naaste se vrou, dienskeng, diensmaagd ens. begeer nie. Maar volgens orde van Deut 5 kan dit nie!

*Onderskei wesenlike en vorm.* Algemeen menslike moet losgemaak word uit spesifiek Israelitiese. Israel was 'n boerevolk – daarom os, esel, dienskneg, diensmaagd. Gebod rig hom tot Israelitiese man as verbondshoof – maar hierdie gebod geld vir alle mense ten opsigte van alle sondige begeertes. Nie alle begeerte is sonde nie – gebod rig hom teen sondige begeerte.

*Doel van tiende gebod.* Om Israel te laat verstaan dat dit nie net gaan om uitwendige handelinge wat in vorige nege gebooie verbied word nie, maar veral om gesindheid van hart. Daarom verklaar H. Kategismus: "Dat ook die geringste lus of gedagte teen enige gebod van God nooit in ons hart mag opkom nie, maar dat ons van alle sondes altyd van ganser harte vyande moet wees en in alle geregtigheid behae moet hê" (Sondag 44). Let op eksklusief negatiewe en inklusief positiewe formulering; Negatief – *geringste* lus, *enige* gebod *nooit*, *alle* sondes, *altyd*, van *ganser* harte. Positief – *alle* geregtigheid.

## 13.4 NEGATIEWE SY

### 13.4.1 Geringste lus of gedagte teen enige gebod van God mag nooit in ons hart opkom nie

*13.4.1.1 Hart as setel van begeertelewe*. Kategismus spreek tweemaal oor *hart* in Sondag 44. Vgl. Spr. 4:22 – "Bewaak jou hart meer as alles wat gewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe." Ware bekering tot God bestaan daarin dat die *hart* en nie die klere nie geskeur sal word. (Joël 2:13). Want God is die Kenner van die hart (Ps. 139:1)

*13.4.1.2 Nie geringste lus of gedagte teen enige gebod* Kategismus verbied selfs die kleinste lus of gedagte teen enige gebod van God die toegang tot ons hart. Wie een enkele lus of gedagte teen enige gebod van God gedurende sewentig of tagtig jaar van sy lewe in sy hart toelaat, het hele wet van God verbreek en is voor God geheel en al doemwaardig. Want een enkele gedagte teen God se wet is opstand teen die Wetgewer. Dis hoogverraad en verdien straf van ewige dood.

**13.4.2 Van alle sondes altyd van ganser harte vyand.** Dit is so sterk as moontlik gestel. Dit stempel lewe van Christen tot ontsaglike stryd. Eis is: weerstand bied ten bloede toe. Hier word volmaaktheid geëis – niks minder as volmaaktheid! Wie is hiertoe in staat?

### 13.5 POSITIEWE SY

Negateiwe afwysing van kwaad nie genoeg nie. Positiewe eis: in alle geregtigheid behae hê, soos van Christus profeties deur digter getuig is: "Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne my ingewande" (Ps. 40:9).

### 13.6 SAAMVATTING

Tiende gebod stel eis tot volmaaktheid, soos Christus dit in Matth. 5:48 stel: "Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is."
Op hierdie eis is tweërlei antwoord moontlik.

#### 13.6.1 Perfeksionis

Fariseërs, werkheiliges, perfeksioniste: ons kan deur strenge wetsonderhouding en heiligmaking hierdie eis in hierdie lewe volbring. Daarteenoor stel Paulus: "Ek verlustig my na die wet van God na die innerlike mens; maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is. Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! " (Rom. 7:22-25).
En Johannes: "As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig" (1 Joh. 1:8,9)

**13.6.2 Gereformeerde**

Gereformeerde belydenis verklaar dat diegene wat tot God bekeer is, God se gebooie nie ten volle kan onderhou nie, want "ook die allerheiligstes het maar 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid solank as hulle in hierdie lewe is; maar so dat hulle met 'n ernstige voorneme nie alleen na sommige nie, maar na al die gebooie van God begin lewe" (H. Kategismus, Sondag 44).

Christus eis volmaaktheid. Dit kan nie anders nie. Wat sou ons van Hom dink as Hy die kwaad maar toestaan? Niemand van ons kan die wet volmaak onderhou nie. In Christus is ons egter voor God volmaak, so asof ons nooit enige sonde voor God gehad of gedoen het nie. (H.K. Sondag 23) Nou trag ons om wet van God te onderhou, nie om saligheid te verdien nie, maar uit dankbaarheid vir verlossing deur Christus. Hoe groter die dankbaarheid, hoe ernstiger die drangrede om die volmaaktheid na te jaag al weet ons dat ons dit in hierdie lewe nie kan bereik nie. Die Christen sê saam met Paulus: "Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is ... Laat ons almal dan wat volmaak is, so gesind wees ..." (Fil. 3:12,15).